

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



## **Titel en outeur**

WONDERS PER DOSYN.

JONA in dagstukkies.

Ds. Wouter ten Haaf (c)

## **Voorwoord**

In sy inleiding op die verklaring van die boek Jona skryf die groot kerkhervormer Luther dat hy hierdie Bybelboek vir Bybelstudie gekies het, om gelowiges te vertroos, te versterk en toe te rus vir die stryd. "Die duiwel probeer veral om deur kerklike onenigheid ons by sy rusies en gekyf te betrek sodat ons aandag van Skrifstudie afgetrek word en ons verlei word om die veiligheid van die Woord te verlaat." In 'n tyd van groot spanning en selfs persoonlike lewensgevaar het die hervormer groot behoefte daaraan gehad om 'n tydjie uit die strydgewoel pad te gee om sy geestelike batterye weer te laai met bestudering van die Heilige Skrif om "hoop ek later, verkwik deur die Woord van God en die vertroosting van die Skrif, varser en moediger die stryd te kan voortsit.." "Boonop is Jona ook nog tot groot troos vir almal wat geroep is om die Woord van God te verkondig. Hy leer hulle om nie te wanhoop aan die vrugte van die prediking nie..."

In groot afhanklikheid van die oor so baie eeue deur God gegewe voorgangers soos Luther, Calvyn, Aalders, Hartman, Laetsch, Lok, Overduin, Ridderbos, Van den Bosch, Van der Woude e.a. , en met die bede vir verligting deur die Heilige Gees , het ek probeer om die profeet duidelik te laat wees vir ons so heerlijk uitdagende tyd. Die dagstukke is grootliks onveranderd soos dit uitgesaai is oor Radio RSA en soos in die verlede 'n resultaat van preekwerk. My dank vir die taalkundige hulp deur brs. J.G. Erasmus, C.F.B. Havenga en B.H. Venter.

Die bedoeling van dit wat volg is om stigtelik te wees en daarom word wetenskaplikheid in sy uiterlike vorm vermy. Mag die Heilige Gees hierdie dagstukkies gebruik tot geloofsopbou van die leser en mag die bedoeling wat Luther gehad het ook deur die lesers ondervind word.

## **JONA AS VERLEENTHEID**

Jona 1 : 1

Lees 2 Tim 3 : 14 17

Jona is een van die profete wat selfs buitekant die kerkmure baie bekend is. Bekend maar tog nie bemind nie. Hy is eintlik iemand waaroor die wêreld hulle slap lag want watter mens kan daardie storie van Jona in die "walvis" nou tog vir soetkoek opeet? En wie kan nou in alle eerlikheid en nugterheid daardie christene ernstig opneem wat hulleself so belaglik durf te maak deur derglike sprokies as die waarheid te bly handhaaf ?

Jona is dus nie alleen bekend nie maar ook 'n lastige en ongemaklike profeet vir ons wat ondanks alle kritiek bly bely dat letterlik alles wat in hierdie profetiese boek staan niks anders as die waarheid is nie.

Maar ook op 'n ander manier is Jona vir ons 'n lastige en ongemaklike profeet want die HERE Here verkondig vir ons deur daardie profeet dinge wat dikwels teen ons eie sin en gevoel en denkbeelde ingaan. Dit is een ding om te sê dat dit wat in hierdie Bybelboek staan die waarheid is, dis 'n heel ander ding om ook te DOEN wat ons daarin verkondig word.

Nou is dit ook so dat 'n mens jou soms gelowig kan slap lag oor dit wat ons in Jona lees. Maar dan lag ons blyverbaas oor die geweldige grootheid en goedheid van die Here. Ons lag en staan met verleë ontsag om in ons te laat insink die erns en belangrikheid van die roeping waarvoor die HERE u en my wil roep en gebruik.

"En die Woord van die HERE het tot Jona , seun van Amittai , gekom." Ek weet nie hoe dit tot hom gekom het nie. Dit is ook nie belangrik nie. Die vorm waarin die Woord van die HERE tot u kom, is ook nie altyd so belangrik nie . Of u dit kry in u daaglikse Bybellees of oor die radio of T.V. of by die sing van 'n Psalm of loflied of wanneer u in gehoorsaamheid aan God se bevel die eredienste bywoon. Die allerbelangrikste is dat u sorg dat u dit hoor en dat u daarmee werk. In die verlengde van die hoor lê die geHOORsaam daarvan.

Die Woord van die HERE het tot Jona gekom maar trek nou tog 'n streep deur die naam van Jona en vul u eie naam daar in. Heel werklik kom die Woord van die HERE NOU tot U , baie persoonlik.

Natuurlik is dit 'n bietjie ongemaklik . O, ons is altyd so bereid om iets vir onself toe te eien. In ander omstandighede is elkeen van ons so gewedig egoïsties maar as die kerkmense hulle heerlik reggeskuif het in die kerkbanke dan is hulle besonder

mededeelsaam. Dan word die vermanings baie graag deurgestuur. Dit word dan met die etiket van "suiwer uit die Woord" deurgegee vir die volgende "geliefde" broeder of suster.

Maar dan gee ons die seën van die Woordbediening wat so persoonlik vir elkeen self geadresseer is ook deur, sommerso saam met die kollekesakkie. Tydens die erediens moet en mag ons aartsegoïste wees, ons moet alles op onself toepas en gelowig aanvaar: die Woord van God het nou tot MY gekom.

Wat is daardie Woord? Bekeer u en glo in die Here Jesus Christus.

## **WÊRELDGROOTHEID EN ONS POLITIEK**

Jona 1 : 2

Lees 2 Kon 14 : 23 29

"Maak jou klaar , gaan na die groot stad Nineve en preek daarteen want hulle boosheid het opgestyg voor My aangesig" of soos in die Nuwe Vertaling ; "Ek weet hoe sleg hy is".

As mens dit so hoor dan klink die opdrag wat Jona ontvang het glad nie sleg nie. Die HERE Here gee sy getroue profeet as allereerste in 'n lang ry van profete die opdrag om 'n buitelandse reis te onderneem. Dit is nou wel nie 'n oorseese reis nie maar tog iets anders as om al die tyd in Israel te bly. Maar dit is geen vakansie vir 'n getroue profeet nie, dit word 'n ontsettende moeilike WERKreis na die wêreldstad van daardie tyd.

Nineve was 'n geweldige groot en pragtige stad. Alleen al binnekant die dubbel mure wat op plekke tot 25meter hoog was en waarin 15 poorte was, was daar die stadsgebied van 664 hektaar 'n reuse stad met 'n botaniese tuin en dieretuin wat wêreldberoemd was. Verder was daar 'n groot leërkaserne en wapenopslagplek asook die koning se asemblerowende pragpaleis. Daar was 'n biblioteek met tienduisende spykerskriftablette wat tot vandag toe nog ontsyfer en bestudeer word, nadat dit ruim 'n eeu gelede ontdek is. Verder was daar natuurlik die pragtige tempel van die moedergodin Ishtar. Hierdie Nineve was die hoofstad van die Assiriese wêreldryk. "n Ryk wat gekenmerk was deur sy boosheid, slegtheid, wreedheid en goddeloosheid. Die bloeddorstige wreedheid was alomberug en ondertussen het koning Assurbanipal self mateloos gespog oor sy genadelose wreedheid op sy veldtogte : " met hulle bloed het ek die berge rooigekleur soos mens wol kleur, ek het hulle hoofde afgekap en daarmee 'n berg gevorm om oor die stadsmure te kom..." en so volg 'n uitgebreide beskrywing van sy onmenslikhede wat sy gelyke in die antieke geskiedenis nie ken nie.

Na hierdie stad moes Jona nou gaan. Hoogtepunt van goddelose wreedheid. In die stad moes Jona nou TEEN die inwoners PREEK . In die stad so groot in mag en groot in sonde moes hy , die onbekende ou joodjie uit 'n veragte en niks werd landjie Israel die oordeel van sy God verkondig.

Wie was hierdie Jona nou eintlik? Die HERE het hom al voorheen 'n Woord van die HERE gegee. Toe was dit 'n baie lekker werk. Die HERE het hom dan na sy koninklike hoogheid die goeie ou welvaartgewer koning Jerobeam II gestuur. Hierdie koning was die magtigste koning wat ooit oor die Tienstammeryk Israel geregeer het. Nou ja , hy was wel nie gelowig nie, maar die arme man het daarvoor eenvoudig nie tyd gehad nie. Hy was slim of moet 'n mens sê "verstandig genoeg" om hom nie met die profete te bemoei nie , soos Agab van ouds nie. HY laat hulle maar pratenpraat en ondertussen is hy besig met politiek. Hy het die godsdienste as ware diensaan God ingeruil vir politiek.

Die toekoms van die volk hang mos van die regte politiek af vandag is daar nog niks nuuts onder die son nie... Die klem val op die politieke en die godsdienstige kan maar op die agtergrond kom, dan help dit darem nog om 'n beginselkleurtjie vir die menslike idees te gee.

## **VOORSPOED IS GEEN MAATSTAF VIR DIE GELOOF NIE**

Jona 1 : 1,2

Lees 2 Tim 4 : 1 5

Tog lyk dit asof hierdie houding betaal. Onder die "gesëende" regering van Jerobeam het daar 'n tydperk van geweldige rykdom en welvaart vir Israel gekom. Ja, dit KAN saamgaan : welvaart EN ontrow, afval van die HERE en tog rykdom.

Die HERE gebruik Jona nou om boonop daarvoor nog 'n profesie vir die koning te gee. Ons sou kan verstaan dat die koning bra ongemaklik moes gevoel het dat die profeet van die HERE gevra het om by sy koninklike hoogheid toegelaat te word om 'n Woord van die HERE aan hom mee te deel. Die koning se gewete was allesbehalwe suiwer, want "hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE". Groot moes sy verbasing en moontlike verligting gewees het toe die profeet Jona nie die oordeel van die HERE aangekondig het nie, maar eerder 'n sêen. Die HERE het gesê dat hy die grense van Israel sou herstel van Lebo Hamat af tot by die see in die Jordaan vallei.

Dit is opvallend eienaardig. Die afval en Woordverlating neem onder regering en volk handoorhand toe, die maat van die sonde word stadigmaarseker vol ; tog gee die HERE

nog 'n tyd van amper ongekende voorspoed en weelde. Maar dit is slegs uitstel van die verdiende verbondsoordeel. Slegs 'n twintig jaar na Jerobeam se dood voer die HERE die volk weg in die afgryslieke ballingskap. Hy maak 'n plotselinge en verskriklike einde aan Israel as welvaartstaat.

Vir ons is dit ook 'n waarskuwende voorbeeld in die sin dat ons nooit in die goeie voorspoeddae vir land en volk of kerk kan sê nie : "kyk nou, dit gaan goed met ons en dit is mos 'n bewys dat die Here onse God met ons is en tevrede met ons is" . Die uiterlike voorspoed is hoegenaamd geen barometer om daarop die guns van die HERE af te lees nie. Presies dieselfde geld die omgekeerde : lyding en swaarkry is nie vanselfsprekend eweredig aan die toorn van God oor ons sondes nie. Dit was onder andere Job se "vriende" en die Fariseërs wat God so'n rekenmeesterswerk gegee het en tot vandag toe is dit die valse beeld wat baie gelowiges van God het.

Die welvaart waarin die HERE vir Israel laat rondrol het, was iets soos die galgemaal en het die oordeel van God laat verswaar.

Ons weet nie in watter tyd van Jerobeam se 41 jarige bewind Jona opdrag ontvang het om na Nineve te gaan nie maar die eerste profesie wat hy vir sy koning moes gee, was wel redelik vroeg in Jerobeam se ampstermyn.

Ons lees nie 'n woord oor enige huiwering by Jona om die heerlik opbouende Woord van die HERE vir sy koning te gee nie . Natuurlik nie, want dit is ook vir die mens wat as dienaar van God geroep is om Sy Woord te verkondig in die gemeente en in die huise van die gemeentelede en daarbuite, lekker om die Woord as Blye Boodskap te mag verkondig.

Nog altyd word MENSE as Denaar van God geroep om Sy Woord te verkondig in die gemeente en in die huise en lewe van die gemeentelede en daarbuite vir mense wat die ware diens aan God vir iets anders verruil het. Dit is vir die MENS met al sy sondige



swakheid BAIE moeilik en allesbehalwe lekker om die Woord van God te verkondig as Oordeelswoord en om te vermaan en gedurig op te roep tot bekering en dit alles in opdrag van die HERE Here.

## **DIE EIS VAN GEHOORSAAMHEID BLY ALTYD DIESELFDE**

Jona 1 : 1 , 2

Lees 1 Sam 15 : 22

Die Jonamentaliteit van om te wil wegvlug wanneer ons 'n moeilike of onaangename taak van God ontvang, is iets wat in elke gelowige is. Laat ons dit maar onthou wanneer ons Jona beoordeel, hy was ook as profeet 'n sondige bang mens met sy eie denkbeelde oor nasionalisme en godsdiens.

Bang, want dit sou leeuemoed kos om na die goddelose Nineve te gaan om daar openlik God se oordeel te gaan verkondig. Hy moes dan TEEN Nineve preek , die superwrede koning en al sy magtiges gaan AANSPREEK en VEROORDEEL. Dit wil gedoen wees! Wie sou in volle gemoedsrus na Moskou durf gaan om die oordeelswoord van die HERE Here uit te spreek teen die goddelose Kremlinleiers ? Nineve was vergelykbaar met daardie supermoondheid. 'n Man soos Mugabe , Neto of Nujoma is piepklein dwergies in vergelyking daarmee, maar selfs teen hulle sou ons nie so'n oordeelswoord van die HERE wil uitspreek nie want dit sou ons ons lewe kos.

Die HERE lê nadruk daarop dat Nineve groot was. Groot in omvang, groot in sonde. God was daar volkome vergete. Wêreldmagte, volke en superstede mag God vergeet maar God vergeet hulle nie! Hulle mag sy wette verag en verwerp maar God sal hulle tog kragtens daardie wet van Hom oordeel. Alle volke en magte van die aarde word volgens presies dieselfde verbondswet geoordeel waaronder ons ook staan.

Jona is deur die HERE bemoedig deurdat die HERE Here hom op die grootheid van Nineve gewys het. God weet dat die grootheid daar is en gee die profeet so vasberadenheid om hom nie deur grootheid, mag, prag en praal te laat afskrik nie. Om te hoor dat Nineve groot was, was vir die profeet seker geen nuus nie. God wys egter daarop om hom ook te beproef. Sou die profeet die opdrag van God hoër ag as al die hindernisse van die wêreld?

En ons wat as profete, priesters en konings gesalf is? Gehoorsaamheid, eenvoudig net gehoorsaamheid word vandag van ons geeis. Wanneer daar geen uitweg meer lyk te wees nie moet ons asof met toe oë God volg op die pad waarop Hy ons lei. Ons mag Hom nie wantrou nie, asof Hy ons nie elke keer sal help wanneer ons dit nodig het nie.

Die HERE wys op die boosheid, slegtheid van die stad. Ook daarmee bemoedig Hy sy knege, want Hy stuur Jona nie net as 'n sterflike mens nie maar as Sy ambassadeur om die goddelose stad voor God se regterstoel te daag. Al beef die wêreld vir die skrikwekkende mag van Nineve en vandag se Nineve's en al steur die goddeloses hulle nie aan wat die mense sê nie, dit is nie van betekenis nie want God sien en weet alles en dit is al wat tel.

Dit is ook vir ons vandag belangrik. Wanneer God iets van ons verlang en Hy verlang van ons om in leer en lewe teenoor elkeen te getuig van ons geloof in Hom en

om ons Saligmaker Jesus Christus te verwag dan moet ons daaraan dink dat, hoe moeilik of onmoontlik ons roepingstaak ook al lyk, daar absoluut niks in die wêreld is wat

nie moet padgee vir die bevel van God nie. Dan sal ons deur die krag van die Heilige Gees moed en vertrouwe kry en sal niks ons van ons taak en van die regte pad af kan trek nie, al veg die hele wêreld ook teen God.

## **EEN WOORDJIE STEMPEL 'N LEWE**

Jona 1 : 3

Lees Amos 9 : 1 6

'n Klein ou woordjie kan ons lewe soms heeltomal stempel. Dit kan 'n hele skildery van ons lewe gee. So is dit ook in ons teksvers.

Jona die profeet van God is deur die HERE Here geroep om téén die skrikwekkende wêreldstad se magtiges te préék. God beveel hom : " Maak jou klaar , gaan na die groot stad Nineve.." Die volgende vers sê ons : " Jona het hom klaargemaak.." Dit sou baie goed gewees het as daar nie 'n klein woordjie tussen die twee verse gestaan het nie. Die woordjie : MAAR..

Hierdie woordjie wys altyd op 'n teëstelling. Dit is 'n wonderlike woord as dit gaan oor 'n teëwerping teen die Duiwel en sy verlokkeende verleidings. Soos waar ons Here Jesus in die woestyn elke keer teen die duiwel gesê het dat die Bybeltekste wat hy met duiwelse vernuf aangehaal het wel op die oog af reg lyk MAAR hulle is uit hulle Godgegewe verband geruk en het nou 'n duiwelse betekenis gekry.

In die kerktal word die woord "maar" ook baie meer op die manier van ons teksvers gebruik as op 'n positiewe manier.

Hoe dikwels gebruik ons dit ook om onself 'veilig' te stel teen God se bevele.

God roep my net soos Jona om as sy kind te leef en te werk en dan kom ons verskonings met MAAR... In daardie klein woordjie lê die kiem van ons ondergang.

Jona is geroep en hy maak hom reg MAAR om téén God se wil in te gaan. Goed, ons sal later wel sien dat daar

van al sy planne niks tereg gekom het nie, so gaan dit tog altyd.... al ons "maar's" word op God se tyd en manier weggee. Daarom moet ons ons ook wat die uiteindelijke afloop betref duisend keer besin voordat ons met ons "maar's" na God toe kom.

Maar " Jona het hom klaargemaak om na Tarsis toe te vlug, weg van die Here af". Dit is soos dit in die vloeiende Nuwe Vertaling staan " weg van die Here af". Nou kan ons dink : maar Jona was tog maar dom. ONS weet tenminste dat 'n mens nie van die Here af kan wegvlug nie. Goed, ons mag dit dan met ons verstand weet, maar hoe dikwels probeer ons nie in ons hart maar presies dieselfde nie ? Ons vlug as Jona's ook dikwels van die Here af weg ... en daar is meer as genoeg "maar's " om dit te verduidelik.

Die Bybelkritici sê dat Jona nog beïnvloed was deur die primitiewe heidense bygeloof dat die gode aan bepaalde plekke gebonde was en daarom het hy gedink dat hy kon wegvlug. Dit is vir die gelowige 'n mors van tyd om op derglike onsin in te gaan.

In die Ou Vertaling lees ons die letterlike vertaling: "om te vlug van die aangesig van die HERE af weg". So doen die profeet presies die omgekeerde van sy taak as profeet. Sy taak is juis om " voor die aangesig van die HERE te staan " of om in diens van die HERE te staan maar Jona vlug weg, lê sy amp neer, dros!

## ONS LEWENSRIJTING

Jona 1 : 3

Lees Ps 121

Die groot kerkhervormer Luther wys daarop dat God orals teenwoordig is volgens sy Goddelike natuur. Maar God is gééstelik alleen teenwoordig waar erken word dat Hy God is, daar waar die Woord is, waar die Heilige Gees is en waar Hy gedien word. Sodoende kan dan wel van God weggevlug word deur op 'n plekkie te gaan bly waar die Woord nie is nie, waar ook geen geloof is nie, waar die Gees gemis word en ook die ware kennis van God. So is " om van die aangesig van God weg te vlug" : om 'n woonplek te verlaat waar God se ware Kerk is met die suiwere Woordbediening, waar die Gees is, waar geloof en kennis van God is.

Kom ons kyk hoe dit in ons omstandighede in die praktyk gebring kan word. Dit is geen sonde om op 'n afgeleë plek te gaan woon omdat mens daar 'n goeie werk met goeie betaling kan kry en jy dit as jou roeping sien om daar te werk nie, MITS jy dan nie die Kerk van Christus loslaat deur nie meer gereeld kerk toe te gaan nie . Maar deur in 'n uithoek van die land en van gemeentegrense te gaan woon en dan met u "maar's" te kom van " maar ek kan nie kerk toe kom nie want dis so ver ; maar dit kos te veel; maar dis so baie moeite; maar..... dan vlug u van die aangesig van die HERE af weg. Die erns van daardie sonde word deur Jona self beklemtoon deur dit twee keer te sê in hierdie teksvers.

Jona het uit God se diens bedank, nie eers skriftelik nie maar sommer deur die daad. Hy wou ook so ver as moontlik van God en die ware godsdiens af wegkom. Die allerverste

uithoek van die bekende wêreld was Tarsis in die SuidWeste van Spanje. Sy opdrag was om na Nineve in die Ooste te gaan, hy gaan presies die anderkant uit .

Die Weste is die plek waar die son ondergaan, waar duisternis en die stikdonker nag is. As hy God se bevel gehoorsaam het, sou hy na die Ooste gegaan het waar die son opkom, waar die lig is.

Die mens wat op God se pad gaan, is op pad na die Ooste, op pad na die lig. Die mens egter wat God se pad verlaat, gaan altyd in 'n westelike rigting. Die vraag is : wat is u rigting ? Om die regte rigting te bepaal, het u 'n kompas nodig. Die naald van enige kompas wys altyd na die Noorde. As u dan weet waar Noord is en daarna toe kyk dan is Suid agter u , regs is Oos en links Wes.

Die enigste kompas wat altyd die regte koers en rigting aandui, is die Woord van God. Dit wys altyd in die rigting van God en Jesus Christus , na ons Godgegewe aardse roeping en die hemelse erfenis.

As u daarna kyk dan lê Oos regs. En die pad na die Ooste begin by die KRUIS. As u aan die voet van die kruis gekniel het met u gesig na Jesus Christus toe gaan dan regs op pad en u sal nooit verdwaal nie. U pad sal na die Land gaan waar die son altyd opkom, dit sal na die ewige Lig gaan . Daardie pad lei boontoe.

Maar Jona se pad het ondertoe gegaan. Baie opvallend sien ons dit selfs in die woorde wat Jona gebruik dis almal woorde wat te doen het met die afdaal in die graf, werklike begrafniswoorde. Hy het afgegaan na Joppe, afgeklim in die skip se onderste ruim en in die skip gaan lê en geslaap soos iemand wat in die graf gelê word.

Nou kom die vraag of ons pad boontoe gaan of is dit die pad ondertoe, die doodloopstraat ?

## REISGELD VAN WIE EN VIR WIE ?

Jona 1 : 3

Lees 1 Tim 5 : 17 , 18

In kort sinnetjies word die gejaagdheid van die vluggende diensweieraar beskryf. Vinnig-vinnig reël hy sy sake, daal af na die hawestad Joppe en kry sommer goue 'n skip wat reglê om na Tarsis te vaar. 'n Reis waarvoor die Joodse rabbi's 'n jaar bereken het.

So wou hy dit onmoontlik vir God maak om hom te dwing om die Goddelike roeping uit te voer. Hy wat Jona was, was bang dat die gehate inwoners van Nineve moontlik tot bekering sou kom en dan ...o, hoe ontsettend vir 'n geharde nasionalistiese mens soos Jona, dan... sou die HERE die oordeel nie voltrek nie want Jona ken sy God goed genoeg om te weet dat Hy " 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en vol liefde" dis die getuigskrif wat Jona self van God gee. So'n God is 'n gevaar vir die 'nasionale belang' en daarom moet hy spore maak en sommer vinnig ook.

Jona het "geluk" gehad, want hy kry onmiddellik die regte skip. Dit lyk alweer of God se seën selfs op die mens se ongehoorsaamheid rus .

Hy het vir die reis betaal vir die sonde moet ook betaal word. Hy skryf nie hoe groot die bedrag was nie , maar dit moes aansienlik gewees het want die reis was die verste wat onderneem kon word. Geld wat hy in God se diens ontvang het, is gebruik om teen God in opstand te kom. By ons is dit dikwels ook so. Ons bely tog dat ons alles wat ons ontvang uit God se hand ontvang gesondheid om te kan werk en ons salaris of loon of

pensioen wat God vir ons as sy rentmeesters gee. Ons gee dit dikwels so maklik uit behalwe terug vir die diens aan God. Iemand het 'n keer gesê dat die moeilikste deel van 'n gereformeerde om te bekeer sy beursie is. Die rede daarvoor lê daarin dat ons ons roeping as profete, priesters en konings nie meer Skriftuurlik reg sien nie.

Jona betaal met God se geld die reisgeld. Hy dink dat hy nou klaar is. Maar die grootste rekening kom nog as die skip op die diepsee sal vaar. Die reisgeld is baie hoog vir elkeen wat van die aangesig van God af wil wegreis.

Kyk na die mens wat van God af weggereis het na die land van dronkenskap wat is sy reisgeld ? U kan dit van sy vervalde gesig aflees, uit sy onvaste gang, u kan dit hoor in die horries waarin hy later sterf. Kyk na die mens wat afgereis het na die land van geldgierigheid en die reisgeld wat hy betaal het, is om nou 'n armoedige slaaf van verganklike geld te wees en om 'n hart te hê wat so koud en hard soos 'n muntstuk is. Kyk na die mens wat afgereis het na die land van verafgoding van die politiek en sy reisgeld is die verbreking van baie familie, vriende en kerklike bande, die verlies van Godsvertroue in die persoonlike lewe en vir die toekoms alles hang nou van die sondige mens se stemme en grille af.

Die verlore seun wat uit die vaderhuis vertrek het, het nie geweet hoe hoog die reisgeld was nie. Maar toe hy in vodde met 'n leë maag die varke moes oppas het hy die reisgeld weer nagereken en besef dat dit onmoontlik hoog was.

Wat is die huil en kners van die tande waar Jesus oor praat ? Dit is die reisgeld van al die reisigers wat van die aangesig van Jesus en van die aangesig van God die Vader af weggereis het en ondanks al die geroep ook in en deur die kerklike tug , nie tot bekering gekom het nie.



## 'n SLAPENDE KERK MAAR HEIDENE BID EN WERK

Jona 1

Jona het in die weglug van die HERE op 'n skip geklim op pad na die verste uithoek van die wêreld. Hy het sy reisgeld wat hy in diens van God verdien het, betaal. Soos alle reisgeld op pad na die hel toe was dit ook skrikwekkend hoog. Jona het gedink dat hy klaar betaal het. God kom egter nou op die diepsee met Sy rekening na die drosterprofeet toe.

Die Skepper en Onderhouer van alles haal uit sy skatkamers 'n geweldige wind wat Hy op die see gooi. Die storm was so erg dat , soos Jona dit in die oorspronklike taal so mooi omskrywend stel, die skip sélf gedink het dat hy sou breek. So lewendig is die skip heenenweer en openaf gegooi dat dit amper soos 'n lewende wese geword het.

Al het die matrose baie bygelowe , een ding is seker naamlik dat hulle 'n storm kan sien aankom aan die kleur van die seewater en allerlei klein tekens in die natuur wat die oningeligte nooit sou merk nie. Daarom het hulle hierdie absoluut onverwagse en geweldige kwaai storm onmiddellik gesien as 'n plotselinge woedeuitbarsting van 'n god.

Die doodsbang matrose roep elkeen sy eie god aan. Maar in alle godsdienste is dit 'n kwessie van bid én werk. Gevolglik spring hulle onmiddellik aan die werk om van die lading van die skip af te gooi. Die bedoeling was nie om die skip juis ligter te maak nie,

maar eerder om hulle gemoed te verlig. Dit is tog so dat in 'n oomblik van angs en nood 'n mens besig moet bly om nie weens wanhoop apatieswerkloos onder te gaan nie.

Die gebede en die werk help die matrose egter niks nie, die golwe slaan al hoe erger hoe meer die huilende storm voortwoed. Soos woedende diere val die golwe in al hoe groter en ongekender woede op die armsalige skippie aan, breek oor die dek, tel die skippie op toringhoë golwe op om dit dan weer in duiselingwekkende dieptes neer te smyt. Deur die bulderende stormgeloëi weerklink die kermende en skreeuende gebede wat nog beklemtoon word deur die gekreun en gekraak van die planke van die skip wat dink dat hy onder die marteling gaan breek...

Tussen die steunende en in doodsnood krakende planke van die onderste ruim, lê die profeet van die enigste God vas aan die slaap asof hy reeds dood is.

Ontsettend huiweringwekkend is die storm.

Ontsettend en huiweringwekkend is die feit dat die profeet van God as lidmaat van die Kerk van God, as verteenwoordiger van die Kerk vas lê en slaap terwyl alles om hom heen vergaan en die heidene werk en bid! Diepbeskamend! Maar is dit dwarsdeur die geskiedenis nie ook tekenend nie? Hoe dikwels sien ons dat die wêreld op die grootste gruwelike onreg wys terwyl die Kerk vas aan die slaap is of die buitkerklike pogings gougou 'n etiket van 'humanisme' of 'n ander siektewoord opplak die Kerk en dit is u en ek!

## **GOD BEHEER DIE LOT**

Jona 1 : 7

Lees Spreuke 16 : 33

Die Satanskind Karl Marx met sy kommunisme het as heiden die wêreld gewys op hemelskreiende sondige wantoestande terwyl die Kerk liggaamlik en geestelik in 'n diepe doodse slaap weggesink het. Die ongelowige het die alarm geblaas én aan die werk gespring. Tot vandag toe steek daar in kommunisme en ateïsme met hulle skerp kritiek op die Kerk en die maatskappy , 'n groot brok waarheid.

Dit is oëverblindings en selfmoord liggaamlik en geestelik as ons buitekerklike kritiek van die tafel afvee met die dolleë maar oso vroomklinkende praatjies van dat kommuniste en ateïste tog dwaal. As die valse wêreldse afgodedienste wakker is en werk dan moet ons wat die Waarheid het juis wakker wees en werk. Dan moet ons al die kritiek ernstig weeg in die lig van die Skrif en wanneer dit dan blyk dat ons lewenswerke nie met die Skrif ooreenstem nie dan moet ons daadwerklik tot bekering kom. Dit is praatjiesvirdievaak as ons dan net na die woordgebruik van die goddeloses kyk en nie wil luister na dit wat God se Woord oor daardie sake sê nie. Die kaptein het Jona uit sy diep slaap gewek. Jona moet die heiden hoor sê dat die Kerk sy werk moet doen. Vandag gebeur dit nog.

Ons lees nie dat Jona gebid het nie. Hy wat die voorbidder moet wees, is lankal deur die heidene voorgedaan. Trouens, hoe kon Jona bid as hy besig is om van God af weg te vlug ? Hoe kon hy bid voordat daar berou en smeking vir vergifnis was ?

Die matrose bly die verband tussen sonde en straf sien 'n heidense gedagte maar soms ook 'n kerklike gedagte. Om nou uit te vind wie die oorsaak van die dodelike gevaar is, trek hulle lootjies. Jona was daar by en die lot het op hom geval. Hierin sien

ons hoe geweldig baie moeite God doen om sy verlore kind tot inkeer te bring. Maar van berou is daar by die profeet nog geen sprake nie. Hy dobbel saam en ..... verloor. Die Here bepaal hoe dit uitkom as mense loot sê die Spreukedigter (16:33). Jona word aangewys en onmiddellik met 'n spervuur van vraebestook deur die doodsbenoude ruwe en geharde seelui.

## **GENESING VIR SONDEWONDE**

Jona 1 : 7 9

Lees Hand. 27

Dink nou aan 'n ander geval van 'n hewige storm op see. Paulus verteenwoordig ook die Kerk op 'n heidense skip in doodsnoed. Daar is die Kerk op en wakker en dan sien ons watter seënende invloed van die Kerk op die wêreld kan uitgaan. Daar is geen paniekstemming nie maar rustige geloofssekerheid wat die doodsnoedsituasie heeltemal beheers. Geen swyende weggekruipte Kerk met 'n mondvoltande nie, maar 'n Kerk wat deur die mond van Paulus getuig, vermaan en vertroos. 'n Kerk wat wys na die lewende God. 'n Kerk wat leiding gee in die heel gewoonste dinge van eet en drink op 'n leë maag kan nie gewerk word nie. 'n Gesag wat nie hoef te berus op die helfte plus een nie want "een man met God is altyd in die meerderheid". Daardie klein stukkie van die wêreld is toe deur God gered terwille van die verteenwoordiger van die Kerk: Paulus.

By Jona was dit 'n geval van dat die wêreld in die doodsnoed gekom het weens die ongehoorsame Kerk wat van sy werksroeping af wegdro. By Paulus sien ons dat die wêreldindoodsnoed gered word terwille van 'n gehoorsame Kerkwatwerk.

Nou staan Jona so in 'n hoek dat hy geen ander uitweg sien as om 'n geloofsbelydenis uit te spreek nie. Hy is en bly profeet ondanks homself. Hy wou met alle geweld voorkom dat hy teenoor heidene 'n geloofsbelydenis moes aflê maar nou kan hy nie meer anders nie.

Een van die eienskappe van die sonde is dat dit 'n mens stom maak. Stom om oor en van God se groot daade te praat. Maar ook stom om tot 'n skuldbelydenis te kom. Dit maak ons so seer en ontroof ons van ons eer tog moet dit gebeur.

Ons sing so maklik die Psalms mits die wysie ons natuurlik aanspreek maar besef ons werklik wel wat ons sing as ons saam Psalm 32 sing ?

"Toe ek voor U al worstelende verstom het  
geen boetgebed my uit die hart gekom het,  
het my gebeente... uitgeteer die ganse dag".

Maar dan kom die Godsgeskenk :

"Ek het bely o Heer ! in sielerou nie  
my hart gegrendel of my mond weerhou nie...

Ek het bely wat my van U vervreem ,

U het my skuld genadig weggeneem."

In kort : sonde gee wonde, die wonde kan slegs genees word wanneer die sonde bely is en vergewing ontvang word op grond van die versoeningewerk deur Jesus Christus ons Verlosser.

Jona begin sy belydenis as 'n geloofsbelydenis die sondebelydenis moet later nog deur God uit hom uit gepars word. Jona bely : "ek dien die HERE, die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het".

Watter belydenis en tog ook 'n skuldbelydenis , want Jona as jy dit werklik glo hoe kan jy dan so ongehoorsaam wees om te probeer vlug? Jy weet dat geen mens ooit van God af kan wegvlug nie!

Elke mens is egter familie van Jona. Dit is en bly baie makliker om te glo in jou belydenis as wat dit is om jou geloof in woord en daad te bely. Hoe dikwels is ons verwyder van 'n lewe wat 'n getuigskrif is van ons geloof en bekering.

Die Here roep ons deur Jona ook op om te werk met ons belydenis op alle terreine van die heerlik uitdagende lewe. As ons dit doen dan sal die storms in ons hart, in ons gesinne, in ons volke en land en in God se Kerk bedaar en gaan lê.

## **WAT MOET ONS MET DIE KERK DOEN ?**

Jona 1 : 10 11

Lees Hand 28 : 1 10

" Wat moet ons met die Kerk doen ?"... is 'n vraag wat die laaste jare al hoe meer gevra word deur gelowiges en ongelowiges. Hierdie vraag is egter nie nuut nie want ons hoor dit al in ons teksgedeelte. Die doodsbenuede matrose vra vir Jona wat die Kerk

verteenwoordig op die skip wat rondgeslinger word deur die toorn van God : "Wat moet ons met jou doen dat die see weer rondom ons kan kalm word ?

Vandag vra 'n doodsbenoude wêreld soms ook nog : " Wat moet ons met die Kerk maak dat die stormagtige see weer rondom ons kan kalm word? Die groot vraag is egter of ons wat die Kerk is , dieselfde vra ? Is die Kerk u en ek al wakker genoeg om so'n vraag te vra? Is ons eerlik genoeg teenoor God en die wêreld en onself om so'n skerp en deurdringende vraag te durf vra ? Is ons geloof eerlik genoeg en bou ons genoeg op die kragtige werk van die Heilige Gees om in die lig van die onwankelbare Woord van God onself in daardie Woord te spieël ?

Dit kos moed en harde geloofswerk, maar waar in die Woord lees ons dat die Kerk op aarde met vakansie kan gaan en rustig in diepe slaap weggesink God se water oor God se akker mag laat loop? Dit is baie maklik en veilig om in ons gerieflike hoekie weg te kruip , beskerm deur dik en hoë kerkmure van dooie klip. Om dan gesellig onder mekaar te fluister dat die wêreld tog nie wil luister nie en dat dit dus tog nie help nie.

Kritiek teen die wêreld en die verwêreldlikte valse kerke is daar genoeg maar die vraag is of dit nie maar 'n baie goedkoop soort kritiek is wat gerieflikheidshalwe geuiteer word nie. Die kritiek teen die S.A.Raad van Kerke se aardsgebonde valse "teologie" is heeltemal Skriftuurlik maar laat ons tog nie gedurig die baba weer met die badwater weggooi nie. Selfs in daardie valse en goddelose bevrydingsteologie of wat 'n mens dit ook al wil noem, is waarheidselemente wat by ons stoere gereformeerdes kortkom en die wêreld laat vra : "Wat moet ons met die gereformeerdes doen?"

In baie opsigte laat die boek Jona ons bloedrooi van skaamte word. Dit is omdat ons in so baie opsigte soos Jona is. Te dikwels wil ons liever soos 'n volstruis ons kop wegsteek om ons groot verantwoordelikhede te ontduik. Is dit nie beskamd vir ons as

Kerk met die barmhartigheidsroeping dat ons alwéér deur 'n buiterekkerlike Carnegieverlag tot besinning geroep moet word ?

Hoe ontsettend beskamd is dit dat die heidense bemanning van die skip meer eerbied en ontsag vir die God van hemel en aarde gehad het as die profeet Jona die Kerk. Hoe ontsettend dat die wêreld die Kerk moes aanwys as oorsaak van die verskriklike storm. As ons daaraan dink dat die oordeel van God nêrens anders nie as juis in die Kerk begin, dan het die wêreld vandag ook die volste reg om 'n beskuldigende vinger na die Kerk te wys as oorsaak van die storm van God se toorn oor die wêreld, ons land en volke. Wanneer ek die geestelike ingesteldheid van Jona sien en dan na myself kyk en na die volk en die Kerk waarin die HERE Here my geplaas het, dan word ek benoud...

## **JONA AS GELOOFSHELD**

Jona 1 : 12

Lees 2 Sam 24

Oor Jona se benoudheid en angs lees ons niks nie. Juis daarvoor word deur Bybelverklaarders heerlik uitvoerig geskryf maar hulle kan dit moeilik uit die Bybel self uithaal. Wat ons wel lees, is dat Jona erken het dat die storm as gevolg van hom gekom het. Daarin lê tog iets van 'n skuldbelydenis. O nee , nie 'n volledige belydenis van sonde nie. Natuurlik sou ons dit van Jona verwag het en selfs daarin stel Jona ons teleur. Laat ons egter tog maar nie te gou en te hard oor Jona oordeel nie want is dit vandag in die Kerk , in u en my hart wel enigsins anders gesteld ? Is dit nie so dat u en



ek met ons skuldbelydenis maak soos met ons motor of meubels ons betaal dit bietjie virbietjie in paaiemente. So gebeur dit ook so dikwels met die belydenis van ons sondes. God moet ons keer op keer hard aanspreek om die belydenis uit ons uit te wurg. En as ons dit dan uiteindelik gedoen het, dan kom die ander moeilike deel. As ons teenoor mense gesondig het dan moet ons ook skuld bely teenoor mense o, hoe moeilik!

Maar Jona het dit tog maar gedoen ! Die ruwe matrose wat Jona se God begin dien het want dit is tog wat die vrees van God beteken verstaan nou ook dat daardie God as regverdige God 'n regverdige vonnis oor Jona wil vel. "Wat moet ons met jou maak?" hulle gooi hom nie summier oorboord sonder enige vorm van regsproses nie. Hulle eer hom in sy amp, as God se profeet.

Die ontroue dienaar van God word hier geroep om God se vonnis oor homself uit te spreek. En daardie vonnis is die doodsvonnis : "vat my en gooi my in die see". Nou, eindelijk probeer hy nie meer verder vlug van God af weg nie. Hy gee hom nou self met liggaam en siel oor aan God. Dit is 'n teken van geloof, hy vertrou op God en dūrf vóór God se aangesig te kom noudat hy nie langer van die aangesig van God probeer wegvlug nie. Hy vertrou op sy genadige God, al het hy ook hoe gruwelik gesondig.

Ons kan nog veel meer op God vertrou ondanks al ons sondes want ons wéét dat Jesus Christus gekom het om volkome te betaal vir al die sondes van Sy kinders! Hoeveel ryker is ons tog!

Dié Jona waarteen ons in die lig van die Skrif so baie kritiek kan hê, is op die oomblik van sy "regter wees in eie saak" eerder 'n geloofsheld as 'n lafaard. Nou is hy iemand oor wie die engele in die hemel kan juig soos oor elke mens wat tot bekering kom. Alleen op die pad van Woordgehoorsaamheid is die waaragtige lewe te vind.

## GEBED VAN ONSKULDIGES VIR 'N DOODSKULDIGE

Jona 1 : 13 , 14

Deut 16 : 18 20

Die matrose wat tot geloof begin kom is egter nog op die doodlooppad : "die matrose het hard geroei om weer die vasteland te bereik". 'n Duidelike beeld van die duisendes wat redding soek deur selfverlossing. Met alle mag en krag laat hulle die roeispans deur die woeste watermure sny, keer op keer. Met vaste hand gryp hulle die roeispans van hulle goeie werke , hulle gebede en daarmee wil hulle die skip in veiligheid bring onder die storm van God se oordeel uit. Vandag sien ons nog dieselfde by so baie goeie en ordentlike mense wat dink dat as hulle hierdie sonde en daardie foute in hulle lewe verwyder het, dan het hulle al baie vër gevorder op hulle goeie reis. Mag hulle soos die matrose betyds besef dat selfverlossing onmoontlik is.

Die matrose was ook "goeie mense". Hard en ru maar reguiteerlik en ridderlik. Dink u dit in. Jona is die oorsaak van hulle lewensgevaarlike omstandighede in daardie orkaan van God se toorn. Hy het dit self erken en tog probeer hulle sy lewe te red en doen hulle met gruwelike lewensgevaar alles in hulle vermoë om hom te red. Die heidene wil die lewe red van een man. Dié een man wat g'n flenter omgee vir die lewe van een honderd en twintigduisend mense wat in Nineve gewoon het nie.

Sou ons ons eie lewe in doodsgevaar wil stel vir die lewe van so'n hartelose persoon ? Hoe beskamd dat die wêreld meer respek het vir die lewe van een mens as wat die verteenwoordiger van die Kerk het vir die lewens van 'n stad vol mense wat ook na die beeld van God geskape is. Dit is tog so maklik om te sê : " ag, dis maar heidene wat tog

geen gevoel het nie...." 'n kranksinnige stelling! Die Kerk u en ek kan selfs nog barmhartigheid van die wêreld leer... Hoe ontsettend !

Wanhopig roei die matrose teen die geweld van God se toorn in. Maar geen mens kan dit regkry nie. En toe... toe bid hulle en daardie gebed word gebid tot die ware God. Die tierend onstuimige see word deur God gebruik om hulle te oortuig dat die vonnis reg is. Die doodsvonnis moet oor Jona voltrek word. Dan gebeur iets wat uniek is in die geskiedenis! Heidene bid tot die ware God by 'n teregstelling ! In die tyd van die kerkhervorming het die valse kerk dikwels God gedank by die teregstellings : " Goddank die ketters is dood !" Op die skip in die stormsee gee die voltrekkers van die vonnis hulleself oor aan die genade van God: "ag HERE moet ons tog nie laat vergaan oor hierdie man nie. Moenie dat ons iemand onskuldig doodmaak nie".

## **'n HELE KATEGISMUS IN PRAKTYK GEBRING**

Jona 1 : 14 16

Lees Ps 116

Praat hulle nou maar so uit doodsangs vir 'n onbekende God ? O nee, dit is 'n gelowige gebed , vol eerbiedige geloof. Hulle bid eerbiedig tot die ware Verbondsgod en gee Hom alle eer. Hulle gaan selfs uit van die beginsel dat die wil en werk van God goed en regverdig is. Watter belydenis van pas bekeerde heidene wat nie juis 'n goeie getuigskrif van God se profeet gekry het nie! U o troue Verbondsgod het die reg en voorreg om te

doen soos U wil. Wie is ons om ongehoorsaam te wees aan U wil wat so duidelik deur U profeet verkondig is en deur U storm bevestig is ?

Met 'n gebed word die profeet van God in die woedende see van die oordeel van God gegooi. Onmiddellik het die storm bedaar. Vroeër toe hulle die skeepslanding uitgooi het en in eie krag hulleself probeer verlos het, het die see al hoe woester en onstuimiger geword. Noudat God se wil gehoorsaam is, bedaar die storm onmiddellik.

Die vraag is of ons dit ook in ons lewens ken ? Ken ons dit dat die storm van God wat ons lewensskip heen en weer gooi bedaar wanneer ons in gehoorsaamheid aan God gaan leef en ons redding by die kruis soek ? Ken ons dan ook die dankbaarheidswerke wat ons by die matrose sien ?

Jona se offer van sy lewe het die lewe van die matrose gespaar en is deur God gebruik om hulle geloof in die God van genade te versterk.

Mag ons nou sê dat Jona in sy eie offer 'n skadubeeld was van Christus se offer in die dood ? Nee, daar is geen sprake van nie. Jona se offer is sy verdiende straf weens sy persoonlike sonde. Alleen Jesus Christus het Hom in ons plek geoffer : óns het die kruis verdien. Jona is profeet teen wil en dank Christus se héle lewe was om die wil van Sy Vader te doen. Hy het met lewensgevaar geprofeteer sonder weiering.

Die matrose se harte is vol geloof en dan bring hulle vir die HERE die offer van hulle geloof en hulle het hulle toekoms aan die HERE gewy deur geloftes te doen. Ondanks Jona het daar op die see Pinksterklokke begin lui.

Danksy die skuldoffer van die groot Jona lui die klokke vanaf Pinkster voluit. Maar ons moet en mag nooit vergeet nie dat dit gebeur deur óns dienswerk, ons gehoorsame roepingsvervulling. Deur ons antwoord op die vraag : wat moet ons met die Kerk doen? Ons antwoord van blymoedige uitlewing van ons roeping en die verwerping van die

geklaag van : "dit sal tog nie help nie". Natuurlik hang dit nie van ons werk af nie maar solank ons ons roeping uitleef sal God op Sy tyd en manier seën op ons werk laat rus.

Die Woord van God wêrk, laat ons dit eenvoudig bely en uitdra.

Ook by Jona sien ons dat die barmhartige God 'n ontelbare skare mense wil verlos. Hy het die wêreld dan so liefgehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het vir versoening van al ons sondes !

By die ruwe matrose sien ons dat hulle die hele Kategismus deurgeworstel het in sy drie dele : Ellende Verlossing Dankbaarheid.

Salig is ons wat solank gelede uit die heidene voortgekom het as ons die drie dele nie net met die verstand ken nie maar ook met ons hart en in ons dae uitleef.

## **LIEWERS DOOD AS GEHOORSAAM**

Jona 1 : 17

Lees Ps 139

Dis eienaardig dat ons weer 'n keer by Jona kan stilstaan. Hy is deur die matrose so eentweedrie heen en weer geswaai en met 'n mooi hoë boog in die see gegooi. Dit is wonderlik dat dit nog nie die einde van die ongehoorsame profeet was nie. Die HERE God is so onvergelykbaar anders as ons wat mense is. Hy is getrou, waaragtig en volhardend.

Jona het die dood verkies. Een rede was omdat hy skynbaar gely het aan die moderne siekte wat depressie genoem word. Per slot van rekening het hy nogal rede daarvoor gehad. Wat hy ook al probeer het, was die laaste tyd net mislukkings. Daar is ook vandag van daardie mense wat hulle ook al aanpak : mislukking is gewaarborg. Gelukkig gee God daardie soort mense gewoonlik nog 'n ekstra gawe, die gawe om te volhard, om blymoedig weer te probeer.

Nie almal het daardie gawe nie, Jona was blykbaar een daarvan. Hy het geen uitkoms meer gesien nie en pleks om nou soos die heidene op sy knieë te gaan en tot God te bid en vir vergewing te smeek bly hy hardkoppig teenoor God, hardkoppig ongehoorsaam. Liewers dood en van God af as om na God te luister.

Dis nie net die depressie wat vir ons so bekend by Jona klink nie. In alle opsigte is hy baie soos ons vandag. In ons tyd hoor ons ook dat die dood verkiesliker as gehoorsaamheid is. God sê uitdruklik dat geloof die héle lewe raak maar as dit ons nie pas nie, dan sluit ons die geloof lugdig toe tussen dik kerkmure en leef van Maandag tot Saterdag só dat die verskil tussen ons en die ongelowiges onmoontlik gesien kan word. Geloof word slegs van toepassing gemaak op die kerk maar in die werk op ekonomiese , kulturele of politieke gebied het geloof geen plek nie ... En so word die hele lewe afgesny van die Lewensbron .

Jona wou onder andere nie na Nineve toe gaan nie omdat hy beslis geweier het dat dié heidense inwoners die Blye Boodskap binne in die oordeelsboodskap sou hoor en dalk aanvaar.

Daar is niks nuuts onder die son nie vir elkeen wat die Handeling van Jesus Christus met Sy Kerk en wêreld deur al die eeue gelowig bekyk. Ek ken geen kettery wat vandag populêr is wat nie 'n stokou dwaling is wat 'n nuwe naam gekry het nie. Dit is en bly verstommend hoe die Satan dit regkry om die eenvoudige en duidelike Bybelse

boodskap so te verfomfaai en te verdraai dat 'n mens skoon deurmekaar raak van al die menslike uitvindings om 'n bepaalde standpunt 'n valse kleed van christelikheid te gee.

## 'n VERKLAARDE WONDER IS GEEN WONDER NIE

Jona 1 : 17

Lees 1 Kor 1 : 17 31

Intussen sak Jona nog altyd na die seabodem toe. Sy lewe was blykbaar 'n mislukking, of om dit modern te stel 'n flop. Blapse en foute en floppe van 'n gelowige is egter nooit fataal nie. Al my foute en mislukkings hoef ek nie alleen te verwerk en reg te maak nie, ook al daardie foute en mislukkings lê ek voor my God en HERE neer en Hy vergeef my al my sonde daarin. Hy sal my deur sy Heilige Gees help om reg te maak of die wysheid gee om dit in alle gemoedsrus te laat lê en daarin te berus.

Jona is oorboord gegooi en wou van alles ontslae wees. Van alles ontslae ? Só maklik gaan dit nou juis nie. Netsomin as wat ek van myself ontslae kan wees in tyd of ewigheid, netsomin kan ek van God ontslae raak. Selfs as ek die dood soek, raak ek nie van God ontslae nie. Dan val ek éérs in Sy Hande. Die Psalmis sê tog: "U omsluit my van alle kante, U neem my in besit ... Waarheen sou ek gaan om U Gees te ontvlug ? Waarheen sou ek vlug om aan U teenwoordigheid te ontkom ? Klim ek op na die hemel , U is daar, gaan lê ek in die doderyk , is U ook daar .."Ps 139

Terwyl Jona so stadig wegsak in die groue woedende golwe van God se toorn, begin 'n wonder hom te ontvou. 'n Wonder wat Jona uit die water uit help maar wat baie mense juis van die wal in die sloot inhelp.

Jona word deur 'n groot vis ingesluk maar sedertdien het baie mense se geloof verstik as gevolg van hierdie vis die vis kon Jona sluk maar hulle kan die visverhaal nie sluk nie.

Ons kan die verhaal 'n bietjie meer aanvaarbaar probeer maak deur te sê dat dit nie 'n walvis was nie omdat sy keelgat te klein is en hulle uiters selde in daardie omstreke voorkom. Dit is van die outyd af bekend dat daar die lamia is , 'n groot en gulsige vis wat al 'n gepantserde man heelhuids ingesluk het hy is daar uitgehaal maar was al dood. In die jaar 1758 het 'n haai 'n man ingesluk, daar is toe met 'n kanon op die haai geskiet , hy het die matroos uitgespoeg en die man is gered. In 1927 het 'n potvis 'n seeman ingesluk , die vis is gevang en geslag en die bewustelose man is in sy maag gevind en het na 'n emmer koue seewater weer springlewend bygekom.

Deur derglike verhale kan die wonder moontlik aanneemlik gemaak word maar... dan is dit geen wonder meer nie. Daar steek baie in die gesegde : as die wonder wegval dan val God ook weg. Want dan is God mos maar netsoos die mens.

## **DIE WONDER VAN GOD SE TROU**

Jona 1 : 17

Lees Hand 17 : 25 28



Elke Sondag word in die erediens die Apostoliese Geloofsbelydenis opgesê. In Luther se tyd was dit ook al die gebruik. Hierdie groot herder het 'n ou man besoek wat sy huis en besittings in 'n brand verloor het. Diep moedeloos en gebreek het hy by die smeulende bouwal gesit. Luther vra hom toe om sy geloof te bely in die woorde van die Twaalf Artikels. Die ou boer begin met : ek glo in God, die Vader, die Almagtige Skepper van hemel en aarde en ..... Hokaai, hokaai sê Luther toe.. begin weer maar nou stadiger : ek glo .. en as ons dit doen kan selfs die verlies van al ons besittings dit nie wegneem nie. My Vader ... die Almagtige ...die Skepper... As u daarop kan "Amen" sê dan is dit tog nie moeilik om te glo dat God wonders doen nie. Die skepping alleen al is een groot wonder.

Die wonders in die Bybel het 'n bepaalde betekenis en word "tekens" genoem: Tekens van God se krag en teenwoordigheid en genade. Die tekens in die Ou Testament het heengewys na die toekoms, na Jesus Christus toe. Die tekens van Jesus Christus Self het gewys op Sy teenwoordigheid en op die doel van Sy koms, op al die geestelike en liggaamlike weldade wat Hy ons skenk.

Jona is dus deur die vis ingesluk. Is dit nou die wonder ? Nie eintlik nie want dit sou later ook wel kon gebeur. Tog moet 'n wonder nie in verskillende dele opgedeel word nie. God het daardie groot vis gestuur om presies op die regte oomblik op presies die regte plek te wees en te doen wat God wou hê dat hy sou doen. God het toe bepaal dat Jona drie dae en nagte in die vis bewaar sou word en daarna ongedeerd op die bepaalde tyd en plek uitgespoeg sou word.

'n Onlosmaaklike deel van elke wonder is ook dat God alles in Sy voorsienigheid bestuur en beskik. Goed, dit is maklik genoeg om te redeneer oor die voorsienigheid van God en dit te aanvaar in verband met dit wat vir ons "wonders" is. Dan bely ons dat ons die "toeval" as 'n heidense gedagte verwerp. Maar verder het die geloofsstuk oor die

voorsienigheid vir ons eintlik 'n dooie bate geword. Hoe maklik kla en kerm ons ontevrede in dae van teëspoed, kom ons in opstand. Een storm in ons lewe en alles wat ons bely oor die "in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar wees", verdwyn soos mis voor die son.

Eintlik moet ons op elke bladsy van ons lewensboek skryf : die HERE Here het beskik.... En dit geld nie alleen van die "groot" dinge nie. Wat is trouens groot en wat is klein ? Vir ons is dit 'n nietige kleinigheid as in die gebiede in die "misgordel" die mis 'n paar minute vroeër of later kom . Tog lees ons in die kerkgeskiedenis dat 200 Protestante in die Skotse berge 'n erediens bygewoon het. Dit was in die tyd van die geloofsvervolgings en hulle was verraai en plotseling omsingel deur 'n oormag gewapende soldate. "Ag, HERE " het die predikant uitgeroep " bedek hierdie kudde van U met die soom van U mantel..." Op dieselfde oomblik het so'n digte mis alles bedek dat die Gereformeerdes langs bergpaadjies kon wegvlug. Wat is groot en wat is klein dinge? Salig is egter die mens wat in groot en klein dinge God se Hand sien.

Die verhaal van Jona in die vis is vir ons opgeteken sodat ons God se wonderlike almag kan aanbid. Ons word daardeur geleer om op Hom te vertrou en in Hom te glo ook al is ons in doodsgevaar of onder vyande.

Jona moes dit leer . Tog was dit nie die belangrikste bedoeling van God met Jona nie. God het Jona ook in sy ongehoorsaamheid gebruik om tog diensbaar te wees aan Sy doel. Eeue later kon Jesus Christus op Jona teruggryp en sê : " soos Jona drie dae en nagte in die maag van 'n groot vis was so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne in die aarde wees (Mt 12 : 40).

Drie dae en drie nagte in die vis was vir Jona soos tronkstraf, eensame opsluiting. Ontsettend ! In daardie tyd is iemand as werklik dood verklaar na drie dae. Drie dae en drie nagte is die kritieke nulpunt. Selfs na sy redding deur die vis bring die HERE Here

Jona op die randjie van die dood. Dit is asof Jona deur die doderyk ingesluk is, maar God kan ook daar oorwinning gee.

Hy was drie dae en nagte in die vis dit was verdiende straf.

Jesus was drie dae en nagte in die graf Hy was onskuldig!

Jona is uitgespoeg dit was onverdiende genade terwille van Jesus Christus.

Jesus het na drie dae opgestaan dit was loon en dit wat Hy verdien het, gee Hy vir al Sy kinders, dit sluit troosvolle bewaring in.

Netso trou soos God vir Jona in die vis bewaar het, so bewaar God u in goeie dae en in die diepte van ellende.

## **MENING OF BEGINSEL ?**

Jona 2 : 1 , 2

Lees Ps 25

Ons leef in 'n tyd waarin die mees fantastiese dinge vir ons eintlik nie meer so fantasties lyk nie. Die televisie wat die eienaardigste strokiesprente vertoon, het ons al heelwat mak maak. In die ou Statebybel wat ons voorvaders in die wakies saamgeneem het, was daar ook heelwat tekeninge oor gebeurtenisse van die Bybel, selfs soveel as 336. Oor Jona is daar 4 tekeninge maar nie een van hom waar hy binne in die groot vis bid nie. Dit moet enige kunstenaar se fantasie oortyd laat werk om daardie gebeurtenis te teken.

Die papnat profeet met 'n kroon van seegras op sy kop lê eerbiedig en bid in die maag van die groot vis. Die mure van sy gebedskapel beweeg heen en weer , moontlik is die omtrek van die ribbes te sien , is die gerommel van die maag te hoor en ondertussen word jy saam geskud met elke beweging van die seemonster. Dink nie eers aan die reuk, die stikdonker, die glibberigheid...my fantasie skiet te kort om dit lewensgetrou te skets. By die blote gedagte aan alles word mens al naer , hoe sou jy ooit daar kon bid ?

In verband met een van die Psalms het 'n Skrifverklaarder die nugter maar onsmaklike vraag gevra :kan iemand wat seesiek is bid? By Jona dink ek aan dieselfde veral as die Bybelkritici dan beweer dat Jona hierdie gebed nooit gebid het nie maar dat dit eeue later deur iemand daarin gelas is.

Ons aanvaar egter die Bybel as God se Woord en verwerp die Bybelkritici wie se argumente ook in hierdie geval ontsenu kan word. As ek in die Woord van God die geskiedenis van Jona lees, glo ek dit sondermeer. As ek dit in 'n boek sou gelees het, sou ek dit nie kon glo nie sonder tenminste wetenskaplike bewyse nie.

Daar is nog 'n element in die Jonaverhaal wat die betroubaarheid bewys. Jona word so lewensgetrou geteken, hy is in so baie opsigte nes ekself, hy is familie van my. Hy het met beslistheid "NEE !!" vir God gesê en dit konsekwent gehandhaaf. God het van hom dinge gevra wat teen sy nasionalistiese trots en gevoel ingedruis het. Jona het soos 'n bulhond aan sy eie mening vasgeklou en sy mening selfs 'n beginsel genoem. As ons eerlik is dan herken ons onself van kop tot tone in Jona. As ons "NEE !" vir God gesê het, dan handhaaf ons dit ook so dikwels en met so baie vuur en herdoop ons ons menings ook tot "beginsels".

Die HERE het die grootste moeite om Jona op sy knieë te kry, en hoe styf is my eie knieë ook dikwels omdat ek nie vir God wil buig nie. In die vorige hoofstuk het Jona darem skuld bely voor die matrose maar geen skuldbelydenis voor God nie. Die heidene

bid van Jona word dit nie gesê nie. Die minste wat gesê kan word is dat daardie matrose baie gelowiger was as Jona die profeet van die ware God.

## **GEEN TAXI NIE MAAR 'N TRONK TOTDAT...**

Jona 2 : 2 , 3

Lees Ps 130

Eers toe Jona tussen hemel en see is om met 'n dowwe plons in die groue water weg te sink, kom daar 'n skietgebed oor sy lippe : ag HERE help my ! Tog baie meer as 'n skietgebedjie want hy het gesê : " in my nood het ek tot die HERE geroep en Hy het my verhoor".

Jona het die vis as gebedsverhoring gesien. Hy sien God se Hand daarin en sê dit selfs twee keer want as 'n mens iets twee keer gesê het dan was dit eers regtig goed gesê volgens die Jode.

Tog was daar op daardie oomblik nog geen verootmoediging by Jona nie. Hy bid eers as hy in die water wegsak, 'n skietgebedjie waarvan daar miljoene opgestuur word : " EK is in die moeilikeido God help".

Die HERE help onder andere omdat Hy nog werk vir hierdie man het. Maar die vis word nou nie 'n soutwatertaxi nie. Allesbehalwe. Die vis is 'n donkerdreigende bewegende tronk. Jona kry drie dae en drie nagte eensame opsluiting in 'n

stikdonkerbenoudeslymerigvotige stinkendelewendige tronksel. Totdat... totdat hy skuld erken en bely.

Iets van die skuldbelydenis kry ons al in vers 2. Dit lyk asof Jona twee keer presies dieselfde sê maar dit is nie waar nie. Die eerste keer sê Jona : " HY het my gebed verhoor". In daardie HY hoor ons die afstand, iets van weersin. Onmiddellik daarna word dit: "U , HERE, het my gehoor". Nou vind hy die troue Verbondsgod terug.

Dan verander alles. O , die water bly koud en nat en die verdrinkingsdood bly 'n aaklige werklikheid maar dit is nou nie die ergste nie. Die allerergste is die verhouding met God wat deur sy sondige hardkoppigheid so geskaad is. As gelowige en veral as profeet het Jona baie goed gewéét dat die HERE agter die matrose en die storm gestaan het, maar nou eers kom daar die begin van 'n belydenis.

Dit is 'n geweldige verandering wat in Jona plaasgevind het. Nou eers, terwyl die drukking van die seewater daar in die groue diepte die lewenslug uit sy longe uit pars, nou begin hy te bid en stel hy hom vrywillig voor die aangesig van God. Hieruit leer ons ook weer dat God ons soms so hardhandig aanpak om ons tot besinning te ruk omdat ons wanneer ons die volle vryheid het, so maklik van God af weg dwaal. Dit is dan so dat juis wanneer God ons kwaai tugtig dit die regte tyd is om tot Hom te bid.

## **WERK IN DIE KERK**

Jona 2 : 4 6

Lees Ef 1

Die ontroue profeet en as sodanig 'n selfportret van elke mens skreeu tot God uit doodsangs. Nie angs vir die dood nie maar angs vir die gedugte God. Daardie God wat so téén hom gedraai het, maak hom doodsbang. Dit laat Jona dan sê: " ek is weggestoot, verstoot weg van U oë af". Dit is dus nie maar net van God verlate nie. Dit is baie erger. Hy is met geweld van voor God se oë af verwyder. Dat dit net en alleen sy eie skuld was, het Jona natuurlik baie goed self geweet.

Tog het daar skielik 'n ligstraaltjie van hoop gekom en kon hy sê: " tog sal ek weer U heilige tempel aanskou". Sien u hoe die ontroue profeet nou plotseling heeltemal omdraai ? Hy vlug jou werklikwaar so ver en vinnig moontlik van God af weg, hy het in woord en daad gesê : " ek wil die HERE nooit weer dien nie". Soos vandag so geweldig maklik en gou gesê word: "ek bedank kerk" want die kerk vra teveel van my. Die Kerk doen te veel wat Christus sê : hulle wil hê ek moet met hart en siel glo en Christus gehoorsaam wees. Maar dit pas my nie, dit bots teen my persoonlike vryheid, dit kos my te veel. Ek sluit liever by 'n sekte aan , hulle wil net 'n traantjieofwat hê en 'n gevoelvolle sielopenbaring en kom nie met kerklike tug nie en ondertussen kom ek glyglysingsing die hemel in. Dit is inderdaad so dat die geloof van die hele spektrum Adventiste baie makliker is as die Calvinisme. Sondae is werkdae want dit kos inspanning om die Woordverkondiging te verstaan. Dit mag geen melkkossies wees wat ook nog met waterige trane gemeng word nie en dan in allerlei menslike stories en getuïenisse en hallelujageroep aangebied word, afgewissel met die maat van vrolike opswepende orkesklanke. Dwarsdeur alle eeue was die sinagoge en daarna die Kerk altyd die léérhuis. Daarin word uit die lewende Woord geleer, verkondig. In die gereformeerde kerke van die reformasie is spesifiek die tweede erediens as leardiens ingestel, waar spesifiek uit die belydenis geleer word. Dit kos inspanning, moeite en sweet om 'n belydende christen te wees. Natuurlik is dit nie baie populêr om te moet werkindiekerk

nie en dit is dan ook wel een van die redes waarom daar in die calvinistiese kerke nie 'n getallegroei opval nie.

## **KYK GELOWIG TERUG**

Jona 2 : 1 6

Lees Ps 66

Ons is ondertussen nog by Jona wat nog afsak na die diepte van die see. In die eerste deel van die gebed gaan dit nog daaroor. Terwyl hy in die water afgesak het, was die agtergrond die sekerheid van die sterwe, die dood in die golwe.

Dat dit 'n sekerheid was sê Jona ook in die woorde:"die aarde het my vir altyd toegesluit". Tog was daar nog 'n geloofsworsteling in Jona aan die gang en dit gee altyd teenstrydighede. Geloofsbeproeving is tog ook die innerlike teenstrydighede. As my liggaam saam met die feite sê dat God teen my is en daar geen hoop op vergewing is nie, dan word die geloof werklik op die proef gestel.

Jona se redding was dat hy op die laaste oomblik tog tot bekering gekom het, volkome omgedraai het en sy nood en ellende nie gesien het in die golwe en in die dood nie maar in die feit dat hy deur God verstoot is. En wat doen hy dan ? Hy dink aan alles wat hom gegronde hoop kan gee en dit is dan dat hy besny was soos ons gedoop is , dat hy van kleintyd af God gedien en geken het, dat hy die Skrif geken het dit alles vat hy saam in die woord "tempel".



Ons moet ook meer dieselfde doen. Wanneer dit vir ons lyk asof alle paaie na God toe versper is dan is dit baie gesond om daaraan te dink dat Hy ons al solank gelede aangeneem het ; dat Hy ons deur baie tekens sy genade bewys het. Ons moet onthou dat Hy ons geroep het deur die Evangelie in die gemeenskap met Sy Seun wat ons lewe en saligheid is en Hy bekragtig dit met die doop en nagmaal. As ons aan al die rykdom dink kan ons deur middel van die geloof ongelooflik baie regkry.

Natuurlik is daar ontsettend baie nood en ellende en ons mag dit nooit verkleineer nie. Daar is die ellende van werkloosheid en hongersnood, van verterende pyn, van baie tranes en geskreeu vir geregtigheid en persoonlike lyding. Tog is die allerverskriklikste dat die mens sy eintlike nood nie meer ken nie.

Die allerergste in alle pyn, wreedheid en doodsangs is om God téén jou te hê. Dit word vandag nie meer besef nie. Mense is doodsbang vir atoombomme, omgewingsbesoedeling, rasseonluste maar nie bang vir God nie. Mense is doodsbang vir kanker maar nie vir die HERE nie. Hoekom nie ?

Omdat die ware God ingeruil is vir 'n karikatuur strokiesprentkarakter wat 'n soort kersvader is met emosionele sentimentaliteit. Omdat die mense soos Jona nie meer wil sien dat God mense haat wat uit hulle werk en roeping dros nie. Dat God met Sy oordeel kom oor hulle wat nie bereid is om as profete, priesters en konings hulle geloofswerk te doen nie. Ons wêreld stapel God se toorn oor die ampsversaking op en op.

Dit alles maak hierdie klein Bybelboek so brandend aktueel. Dit laat ons die skrikwekkende oordeel van die HERE sien sodat u en ek daarmee rekening kan hou. Sodat ons in ons ampswerk as heel gewone maar gelowige mense vir ons wêreld daardie nood sal aanwys!

'n Asemrowende opdrag ... maar dis die HERE Here wat ons vir daardie dienswerk roep én toerus. Daarvoor is ons verlos. Dis wonderlik netsoos Jona ook wonderbaarlik verlos is .

Vir ons is die verlossing nog baie wonderliker : Jesus Christus het dit op Golgota gedoen.

## **RONDON BEKERING**

Jona 2 : 6b

Lees Joh 3

Oor bekering hoor 'n mens nogal dikwels iets. Dit word vandag ook op allerlei ander maniere gestel soos : "het jy die Here Jesus al aangeneem as jou persoonlike Saligmaker?" of "is jy al weergebore" of "is jy al 'n WARE christen of gelowige?" asof 'n mens ook 'n driekwart christen of 'n eenderde gelowige kan wees.

In die spraakgebruik oor die Bybelse begrip 'bekering' bestaan daar 'n Babelse spraakverwarring. Dit is ook geen wonder nie, want die Bybelse begrip is vanuit sy bepaalde betekenis in die Bybel losgemaak en nou gevul met allerlei menslike idees.

As 'n mens dit doen dan val al die aandag op die bepaalde oomblik van bekering wat op 'n bepaalde punt op jou lewenspad gebeur. Maar dit is 'n gevaarlike houding. As ons die mens se lewe as 'n lyn sien, dan word die moment van bekering daarop aangedui as 'n

punt. Vir die meeste mense wat nou so opgewonde is oor bekeringsgeskiedenis is die allerbelangrikste nou daardie oomblik, daardie punt van bekering. Tog skenk die Skrif baie meer aandag aan die hele lewenslyn as net aan daardie een punt op die lewenslyn.

Bekering is 'n geweldige groot geestelike wonder wat heeltemal teen die menslike natuur ingaan. Bekering is om van die dood gered te word en om teruggebring te word na die lewe. Ons sien dit duidelik by Jona. Hy vlug van God af weg. En nou is dit so dat solank ek van God af wegvlug, ek myself ook verloor. Dan is ek ook op die vlug van en vir myself. Ek kan dan myself eenvoudig nie wees nie. Om totmyselftekom en omnadiehemelseVadertegaan, is iets wat onlosmaaklik by mekaar behoort.

By Jona sien ons bepaald nie 'n opsienbarende bekeringspunt nie. Trouens by hoeveel van die duisende gelowiges in die Bybel sien ons dit? Paulus is die grootste uitsondering maar NOOIT het hy op 'n sieklike manier te kere gegaan oor die punt en oomblik van sy bekering nie. Nooit het hy dit as 'n voorwaarde gestel dat 'n gelowige moet weet wanneer die bekering ontvang is nie. Die belangrikste is eenvoudig dát bekering noodsaaklik is én dat vrug daarvan in 'n lewe van dankbare daaglikse bekering sigbaar moet wees. Dit gries my dat daar besighede is wat daarmee adverteer dat hulle "aan die Here toegewy is" maar die gebrek aan heel gewone ordentlike diens en waardelewering druis in teen die vroom praatjies.

Paulus eis nie van Timoteus dat hy 'n uurdagendatum bekering moet kan opnoem nie, maar is dankbaar dat dit Timoteus bespaar is en dat hy van kleintyd af die Here liefgehad het.

Nêrens in die Bybel sien ek mense wat as kinders van God volmaak is in geloof, hoop en liefde of volmaak in die bekering is nie. Daar is in die geloof nie alleen vooruitgang

nie, daar is dikwels ook stilstand en selfs agteruitgang. Jona is 'n duidelike voorbeeld hiervan.

## HOEKOM GOD RED

Jona 2 : 6

Jes 38 : 9 22

Wie is ek , sondige mens, om te kies tussen Jona se geloof en ongeloof deur te sê "hier was dit net angs wat ek hoor" en "daar hoor ek 'n bietjie skuldbesef" en "hier bespeur ek 'n bietjie bekering" en "daar is daar nog onbekeerdheid".

'n Beginpunt was daar al toe Jona gesê het "gooi my in die woedende see van God se toorn ". En nou is daar sy gebed. Daarin hoor ek tog geloof o nee geen volmaakte geloof nie, netsomin as wat ekself al ooit 'n volmaakte geloof gehad het. Maar ek hoor geloof. Dis nie die eindpunt van die bekering nie , dis net 'n wankelrige treetjie op die bekeringspad, nog so aan die begin.

Netsomin soos u en ek beleef Jona alles met God in een gebed. God is nie so gou en maklik met die mens "klaar" nie. Hy maak met geen mens ooit op aarde "klaar" nie. Laat ons tog asseblief eerder erns maak met die feit dat daar iets van die waaragtige bekering by ons gevind word as met die onvrugbare en moordende vraag oor wanneer ons bekering begin het.

Tot in die oneindige kan ek met myself en met ander praat en praat oor skuldbesef en berou en gebed en boete en geloof en bekering en .. maar die slotsom moet altyd tog wees : ek glo in 'n God van genade. Hoe ek my geestelike lewe ook al toets, ontleed en weeg dis al sekerheid wat ek oorhou.

Agter alles in my lewe kan ek vraagtekens plaas, maar agter die genadige trou van my God net uitroeptekens.

Jona moes dit ook doen toe hy so plotseling onverwags deur daardie vis gered is. Tot vers 6 van sy gebed was hy seker daarvan dat hy sou sterf, ja al in die dood en hel gekom het. Maar, hoe ironies, selfs in dood en hel is daar geen ontvlugting van die Here af moontlik nie. Ook in die diepste dieptes is God Heer en Meester. Die profeet moes self deur die diepste diepte heengaan om dit te ontdek.

En dan plotseling:"maar U HERE MY God het my lewe uit die kuil van die doderyk gered". Die HERE red hom uit die verstikkende water deur die vis. Al is hy nou ook in die ingewande van die seemonster, hy kan tenminste weer asemhaal. Die vis is vir hom die bewys dat die HERE nog sy God is, die troue Verbondsgod wat luister na die geroep van Sy kinders:"toe ek wou vergaan, het ek aan die HERE gedink en my gebed het by U gekom, in U heilige tempel".

Wonderlik en tog so moeilik te aanvaar daardie "genade alleen". Gered uit God se vrye welbehae, uit genade alleen sonder dat ek die allerminste kan doen om dit te verdien. God red hulle wat hulleself nie kan red nie. Hoekom?

Omdat die Groot Jona wat Sy drie dae en nagte in die graf vergelyk met Jona se verblyf in die vis, volkome betaal het vir Jona en u en my sondes van ampsweiering en so baie ander sondes.

## OMSTREDE DANKBAARHEID

Jona 2 : 7 9

Lees Ps 73

Jona wat nog maar aan die begin van sy bekeringspad is, besef dat 'n ware geloof as vrug ook waaragtige dankbaarheid voortbring. Daarom bely hy in sy gebed die offer van sy dankbaarheid. Hy doen dit egter op 'n besondere manier sodat verskillende Skrifverklaarders woedend raak en sê dat Jona nog niks geleer het nie en 'n onbarmhartige hooghartige mens bly, iemand wat homself verhef bo die mense wat 'n ander godsdiens aanhang. Veral hom dan verhef bo die arme geteisterde matrose wat hulle geloof baie beter uitgeleef het as die joodse profeet.

Maar wat het Jona dan gesê wat so baie bitterheid veroorsaak? : "Die wat op nuttelose afgode vertrou, verlaat Hom wat liefde aan hulle betoon". Deur dit te sê steek Jona die matrose nie in die rug nie. Hy dink nie eers aan hulle of aan ander mense nie, hy praat net oor homself. Toe hy sy eie kop gevolg het, het hy aan nuttelose afgode sy vertroue gegee. Want ook al my eie gedagtes en daardie heilige vaste oortuigings wat so wonderlik en stewig lyk, is nuttelose afgode sê Calvyn. Jona het dit dan so gruwelik ondervind. Hy het die HERE losgelaat en sy eie kop gevolg en amperamper sy kop

verloor in die verdoemenis! Elkeen wat God loslaat verloor Sy goedertierenheid en liefdevolle verbondstrou wat van die dood red.

Daarom sê Jona verder:" terwyl ek 'n loflied sing, wil ek aan U 'n offer bring ; wat ek beloof het sal ek doen : Hulp kom net van die HERE af !"

Jona weet nou dat God alleen gesoek kan word in gehoorsaamheid en geloof. Hy weet dat selfs hy wat 'n profeet is so maklik deur bygelowige eie uitvindings verlei kan word. Daarom wys hy op die gevaar van die selfgemaakte nuttelose afgode én wek hy homself op tot die doen van dankbaarheidswerke wat uit die geloof voortvloei. Hy gee homself weer van kop tot tone vir die HERE en wil Hom dien as sy Redder en sy God.

## **REDDING NET VAN DIE HERE**

Jona 2 : 9

Lees 1 Kor 15

Onmiddellik lees ons:" Toe beveel die HERE die vis, en hy het vir Jona op die vasteland uitgespoeg".

Dit was ook God se antwoord op Jona se belydenis : " hulp kom nêr van die HERE af... ".

Daar is ontsettend baie ellende in die wêreld. Daar is so baie verdriet en rou hartseer dat ons as gelowiges dikwels verstom staan, ja met 'n mond vol tande as die ongelowiges vir ons sê : nou toe nou en waar is daardie Godvanliefde van julle wat al

hierdie helse ellende toelaat ?... Dan gebeur dit dat baie christene senuweeagtig rondskarrel en God probeer verdedig deur te sê dat God die ellende nie laat kom nie, maar dat dit die werk van Satan is.

Natuurlik steek daar iets in. Die terroriste wat moorddadig optree word deur Satan beheers en so beheers Satan almal wat duiwelse leed veroorsaak. Maar daarmee is nie alles gesê nie. God bring ook leed en ellende en die kwaad soos ons lees in Amos 3 : 6 "Sal daar 'n ramp oor 'n stad kom as die Here dit nie gebring het nie?" Boonop laat God toe wat Satan doen.

Hoekom? Een van die redes is dat Hy dit nie toelaat dat die mens van Hom af wegdroes nie. Daarom stuur Hy hartverskeurende hartseer maar Hy doen dit in sy goedertierenheid om die wêreld sover te kry dat Hy weer opgesoek word en daar weer geleef word in sy ampsdiens. Agter al die verdriet lê God se liefde wat wil RED ! As ons dit tog maar wil sien en op ons knieë wil gaan, dan is die redding baie nader. Die Groot Jona, Jesus Christus is die lewende bewys : alle redding kom nét van die HERE af.

Dit is ons taak, ons ampsplig om daardie boodskap uit te dra. Die redding lê klaar reg in Jesus die Christus en Hy as Gekruisigde.

Ons moet dit in die Nineve van vandag , in die wêreld sê. Moeilike swaar werk ? Ja, maar u RedderGod beloof u al sy hulp deur die werk van die Heilige Gees.

Hy het ons uit die grootste nood gered, selfs uit die dood deur Jesus Christus . En toe het dit Paasfees geword deur Sy krag is ons opgewek tot 'n nuwe lewe. 'n Nuwe lewe met Sy krag. Dit is genoeg vir elke dag. Genoeg om dankbaarheidswerke voort te bring.



## GOD IS HEERSER

Jona 2 : 10

Lees Jes 44 : 6 23

Die genade én mag van God is iets wat 'n mens altyd weer verstom. Dié God wat net praat en alles gebeur. Hy beveel net en dit geskied. So kon die groot vis op God se bevel Jona nie as voedsel verteer nie, die hele natuurlike proses is in daardie groot dier deur God lamgelê , vir drie dae lank is die spysverteringstelsel gestop. Die groot vis het selfs deur die wil van God uit die diepsee uit koers gekry na die land om die ontroue profeet sonder seremonie op die strand uit te spoeg. Die vis wat 'n dienskneg van die dood was, word nou 'n dienskneg van die lewe.

Die profeet het hom in sy vlug voor God aan die dood en die hel oorgegee. Maar selfs sy vlug in die dood en die hel was 'n mislukking. Selfs in die allerdiepste donker diepte is God Heer en Meester. Dit neem nie weg nie dat die profeet wel deur die diepste dieptes moes gaan.

Op daardie pad vind hy nie die so begeerde vryheid volgens eie smaak nie daardie vryheid wat al hoe meer mense soek in die dood deur selfmoord om tog verlos te word van alles wat pla. Jona word deur God vasgehou en neergesit op die pad na God en sy roeping. Jona kom terug op die beginpunt as die "uitbraaksel van die hel" ( Kohlbrugge).

Hieruit put ons geweldig baie troos want ons leer om op God te vertrou, die God vir wie se mag die dood en die lewe geen verskil maak nie. Hy bly tot in die donkerste dieptes by Sy kinders.

Geweldig troosvol is ook die feit dat Hy so'n onmenslike groot geduld met Sy kinders het.

Ondanks Jona se gedros en weerbarstigheid kom daar geen woord van verwyt meer oor die lippe van die HERE sy God nie. Dit wat gebeur het was genoeg van'n preek vir die profeet wat self nie wou preek nie.

Jona ontvang weer 'n "beroep". Die mens kan probeer om met alles wat hy het God se planne te dwarsboom maar sal dit nooit regkry nie. Ons spreekwoord sê wie laaste lag, lag die lekkerste. So lag God ook, soms in Sy mou, soms kliphard skaterlaggend soos in Psalm 2.

## **'n DERTIENDE WONDER**

Jona 3 : 1

Lees Joh 21

Ondanks die ompad wat Jona deur sy opstandigheid gevolg het, plaas God hom weer op die beginpunt van sy roepingspad. Ons lees: "die Woord van die HERE het 'n tweede keer tot Jona gekom".

Dit gee jou eintlik hoendervleis ! Skaars lê Jona op die nat sand of die HERE kom al weer maar sonder stapels verwyte want Hy het hom vergewe. Vers na vers sien ons die bomenslike optrede van die HERE in hierdie klein boekie met sy 48 verse en 12 wonders waaroor al die Bybelkritici hulle nekke breek. As al die wonders dan getel moet

word dan is 'n dertiende wel die genade en geduld van die HERE met Jona , ons ewebeeld.

Uit die herstelling in sy amp is dit baie duidelik dat die HERE hom vergewe het. En as daar vergewing is dan is alles onmiddellik goed, absoluut reg. So is u God. Hy het geen probleme daarmee nie.

Dis ons wat probleme met vergewing het. Ons sukkel met allerlei redenasies : "Sou die HERE my nou rîrig vergewe het vir al hierdie en daardie groot sondes ?" Veral by ons hardnekkige sondes pla dit ons baie. Hoe vrygewig is die HERE met vergewing. Deur Jona se lamsakkigheid is ons nou al by hoofstuk 3 en daar het nog niks van sy roepingsvervulling tereggekome nie. Mens sou tog sê dat die HERE nou baie beter iemand anders sou kon neem. Maar dit gebeur nie. Hy gryp juis die onwillige droster aan sy nek en bring hom op sy knieë en vergewe hom dan so volkome dat Hy hom dieselfde opdrag weer gee. Die HERE werk baie anders as ons wie van ons sou ooit daaroor droom om so'n Jona weer met 'n opdrag te vertrou?

Die HERE sê:"maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe ..." Weer Nineve. Dit word nou weer nie net letterlikgeografies bedoel nie, maar ook verbind met Genesis 10. Nineve is die stad van Nimrod, die eerste leier van die verset teen die HERE na die sondvloed. Nineve is die brandpunt van die antichristelike wêreldmag , die setel van die antichris. Dan staan Nineve ook nog reg om God se volk te vernietig. Net 60 jaar later word die Tienstammeryk deur Nineve in ballingskap weggevoer en Jerusalem bedreig. Nineve beteken dus niks minder nie as 'n regstreekse bedreiging van God se verlossingswerk.

Tog stuur die HERE weer vir Jona na Nineve met die opdrag: "verkondig daar die boodskap wat Ek jou sal gee".

Nou sien ons tog 'n verskil met die eerste opdrag. Die eerste keer het die HERE die REDE gegee waarom Jona na Nineve toe moes gaan: "want hulle boosheid het opgestyg voor My aangesig". Die slegte naam en gruwels van Nineve het tot selfs die hemel bereik, het God se grens bereik. Die stad het ryp geword vir die oordeel. Jona moes dit vir die inwoners gaan vertel.

Maar nou, noudat Jona vir die tweede keer die bevel ontvang nou swyg die HERE oor die rede. Sou een rede wees om Jona en vandag se Jona's te laat besef dat die gelowiges op hulleself netso sleg is as die ongelowiges, netso sondig? Die HERE sê nie "waarom" Jona moet gaan nie, maar HOE Jona moet gaan : "met die boodskap wat Ek jou sal sê".

## **VERSKIL IN PROFETIESE OPDRAG**

Jona 3 : 2

Lees Jes 6

Sowel die amp as die boodskap rus op die Goddelike bevel. 'n Profeet moet homself uitskakel, wegsyfer. 'n Profeet soek nie homself nie maar die HERE. Hy kom nie met sy eie woorde of gedagtes nie maar met God se Woord. Hy moet bereid wees om die mond van die HERE te wees. Dit KLINK maklik genoeg laat ons egter kyk na wat dit in die praktyk beteken.

Jona het geweet dat daar nog werklik niks verander het aan die moontlikheid dat die inwoners van Nineve tot bekering sou kom nie. Eintlik het die verandering daarin gekom dat Jona nou aan sy eie lyf ondervind het dat God barmhartig genadig is. Daar hoef by hom geen sweempie twyfel te wees oor die FEIT DAT God Nineve sal spaar as daar bekering kom op die boodskap van die regverdig maar ook barmhartige en genadige God. Teenoor Nineve het Jona 'n geweldige grondige haat gekoester, wat 'n gesonde Bybelse basis gehad het, netsoos ons die goddelose kommunisme of nasionaalsosialisme gelowig moet haat.

Hoor wat sê die profeet Nahum en dink dan ook maar hoe graag Jona soos Nahum sou wou profeteer: " Die Here is 'n God wat Hom wreek op Sy teëstanders, Hy laat geen skuldige ongestraf nie .. Ek tree teen jou op, Nineve, sê die Here die Almagtige." Nahum 2 : 12 13.

Nineve was 'n goddelose en onmenslik wrede stad wat gebou was op die bloed en tranes van ander volke. Sefanja moes profeteer: " Die Here maak 'n einde aan Assirië. Hy maak Nineve 'n stad sonder inwoners ... 'n lêplek vir diere". Sef. 2

Wanneer 'n volk in rassewaansin en nasionale selfverblindings sê: "Daar is niemand soos ek nie!" dan beteken dit massamoord op die nakomelinge van Juda of Gam of wie ook al en op die ou end selfmoord vir daardie volk self onder die straffende hand van ons God . Ons sien dit telkens in die geskiedenis. As ons eerlik is, dan spreek dit ons ook soos Jona baie sterk aan om so'n preek teen ons aartsvyande te hou soos Nahum en Sefanja kon doen.

Die twee kollega's van Jona kon dit heerlik veilig tuis profeteer en al die medeburgers wonderlik opbeur en laat geniet van die vooruitsig op die aanskoulike einde van die wrede vernietiger van alle lewe en lewensvreugde.

Vir Jona was dit nie beskore nie. Hy moes heel eenvoudig doen wat hom deur God opgedra was. Hy moes net en alleen luister na dit wat God hom sou sê om te preek. Volkome onafhanklik van dit wat die mense daarvan sou dink, wat die publieke mening sou wees, wat koning Jerobeam se mening sou wees en hoe dit inpas by nasionale en politieke oogmerke en gevoelens. Netsomin kon hy vra na die reaksie van die koning van Nineve. Vir 'n profeet is daar net een gesag, een sekerheid oor dit wat hy mag sê : " Alleen wat die HERE vir hom sê". Hy moet die boodskap van God oordra ongeag die goedkeuring of afkeuring van mense.

Die opdrag aan Jona is dan ook 'n beroep op Jona om te gehoorsaam. 'n Beroep wat ook gedurig tot ons kom . As ons ernstigeerlik daarvoor dink dan besef ons hoe dikwels ons ook soos Jona op die vlug geslaan het. Hoe moeilik is dit tog om eerlik in die lewe te wees, eerlik jou roeping uit te leef. Om vir jou oortuiging uit te kom.

## **DIE STAD 'n POEL VAN SONDE ?**

Jona 3 : 3

Lees Op 21 : 9 22 : 5

Ons lees met 'n sug van verligting : "toe maak Jona klaar en gaan na Nineve toe soos die HERE hom beveel het".. Maar die verligting wat ons voel is hopeloos verkeerd leer die Bybelkritici ons. Ons is veels te naief, ons moet baie krities na Jona se optrede kyk en dan sal ons sien dat hy maar net uiterlik formeel gehoorsaam is. Hy gaan alleen

omdat hy nie 'n ander keuse het nie want hy kan mos nie vlug nie. Hy gaan sonder entoesiasme net omdat hy moet en nie omdat hy wil nie. Gehoorsaam maar bra onwillig.

Kan 'n mens dit egter alles uit die tekswoorde uithaal? Ek lees eerder die teenoorgestelde. Hy gaan dan "soos die HERE hom beveel het" . Hy doen gewillig wat die HERE sê selfs om na die verskriklike Nineve te gaan, 'n stad swanger van goddeloosheid. Ons moet nie te min daarvan dink nie. Dit is baie maklik om in 'n rustige veilige studeerkamer in die "beskaafde" Westerse "eerste wêreld" jou wysrede krities uit te stal maar hierdie ososlim kritici is ligjare van die werklikheid verwyder. Nineve was die allermooiste uitstalvenster van Satan se werk in die hele wye wêreld. Ons lees tog: "Nineve was 'n baie groot stad: 'n mens het drie dae gevat om dit deur te stap". Letterlik staan daar egter: "Nineve was 'n baie groot stad VAN GOD".

Eienaardig daardie woorde " van God". Daardeur word twee dinge gesê. In Hebreeus word daarmee 'n klimaks uitgedruk. Die "van God" beteken dan dat die grootheid van Nineve iets afgodies in hom het. Die stad het duiwelsgoddeloos geword en wedywer eintlik met die Godvandiehemel deur self god te wil wees. Presies dus dieselfde wat Sefanja gesê het.

Die tweede betekenis is egter dat ons maar nie te gou moet praat oor die stede as poele van ongeregtheid nie. Natuurlik is dit ook een aspek van die stad netsoos dit een aspek van die dorps en plattelandse lewe is. Hoogstens is die remmende faktore op die platteland 'n bietjie groter en sterker as in die meer onpersoonlike stad maar die mens in stad of dorp is eners in sonde en bederf. Ons het nie die reg om die stad asstad 'n poel van sonde en ongeregtheid te noem nie, God is ook daar Koning en Hy handhaaf Sy gesag ook op die stad en die stadskultuur.

In die kerklike vergaderings word nogal maklik van die "stadsprobleem" gepraat maar, met alle eerbied, God se stadsprobleem is hoe om daardie derduisende wat na Sy beeld

geskep is te bereik en op te roep tot bekering en geloof. Die klemmende vraag is of daar van ons as kerkmense ooit 'n navolgenswaardige getuienis uitgaan.

Met kritiek kan die teksverse so ontleed word dat alle lewe daaruit kom en dat van Jona net niks oorbly nie. Ons taak is wel om baie krities te wees, om die krane van kritiek oop te draai op ònssèlf! Om in die spieël van die Woord ons te beoordeel, te weeg.

Die belangrike vraag is of ons bereid is om in ons leefwêreld wat baie meer godsdiensvryheid en veiligheid as Nineve vanouds ken, téén die hele tydsgees in en teen die openbare mening in tog ons amp profeties, priesterlik en koninklik uit te leef ?

## 'n EENSINNIGE PREEK

Jona 3 : 3

Lees 2 Tim 4 : 1 5

" Nog net veertig dae en Nineve word verwoes ".

" Nog net veertig dae en Nineve word verwoes ".

" Nog net veertig dae en Suid Afrika word verwoes " en die verkondiger van daardie onheilsboodskap is 'n vreemdeling met 'n uitlandse aksent en eienaardige eenvoudige klere en duidelik 'n aanhanger van 'n vreemde godsdiens . Hoe sou ons reaksie wees ? Ag wat niemand hoef daaroor te wonder nie... Hel en verdoemenis preke is lankal uit die kerklike mode uit. Boonop verwerp ons vreemde godsdiensdienste uiteraard volmondig .



Jona was volgens moderne maatstawe maar 'n beroerdswak prediker. As 'n onheilsbrenger van ouds gaan staan hy en sê keer op keer net die een sinnetjie waarin geen troos of bemoediging deurklink nie.

"n Hopelose prediker met 'n hopeloos eensydige preek. Daar is geen genadeverkondiging nie en daarom dop hy die preektoets hopeloos.

Intussen word skoon vergeet dat Jona gewillig sy opdrag uitvoer deur presies te sê wat die Here hom laat sê. Hy laat hom glad nie van stryk bring deur die boodskap te versag nie geen versuikerde pil geval nie. Hy het gewillig en gehoorsaam sy roeping onmiddellik uitgevoer en begin om die stad in te gaan. Mooi skets Calvin dit : as daar by Jona nog enige vrees was, dan sou hy die wêreldwonder van 'n stad eers besigtig het soos bang en besluitelose mense doen en die gesindheid van die mense probeer peil het om dan te besluit op watter manier opgetree moes word, wat die gemaklikste en veiligste sou wees.

Maar in Jona het 'n totale ommekeer gekom. Hy wat eers so ver as moontlik van sy roeping wou wegkom, gun homself nou nie eers die geleentheid om 'n oomblik tot rus te kom na die reis nie. Hy begin onmiddellik te preek en bewys daarmee dat hy gekom het met die bedoeling om God te gehoorsaam.

Dit is opvallend dat Jona in heel eenvoudige taal skets dat hy daar gekom en onmiddellik aan die werk gespring het. In hierdie paar gewone woorde lê egter baie meer krag as in die glansryke woordepraal van redenaars.

Vol geloofsmoed het die onbekende profeet uit die veragte landjie van die Jode die stad ingegaan en die onheilsboodskap oor die magtigste wêreldstad uitgeroep. Uitgeroep ! Nie fluisterend vertel nie maar kliphard uitgeroep met al die Oosterse skrilheid wat by so'n vlymskerp oordeelsaankondiging pas.

Op grond van Skrifgronde ( Jes. 36 ; 2 Kon 18 ) aanvaar ons dat Jona die taal van die Assiriërs gepraat het die Bybelkritici vind dit onbelangrik want sê hulle : " in al die sprokies wat ons ken, word dit as vanselfsprekend aanvaar dat mense of mense en diere mekaar verstaan"...

## 'n PREEK AS ALARMKREET

Jona 3 : 4

Lees Hebr 4 : 1 13 Luk 11 : 29 32

Die hele preek het bestaan uit die : " Nog net veertig dae en Nineve word verwoes " ! 'n Preek wat net uit 'n alarmkreet bestaan. Dit is tog 'n aspek wat in 'n preek tuishoort. God se Woord word wel vergelyk met sagte dou, met helende balsem , met lig wat die duisternis verdryf maar ook met 'n tweesnydende swaard en 'n hamer. 'n Swaard wat sny en 'n hamer wat klipharde rots verpletter. Natuurlik is dit vir die prediker makliker om die Woord as dou of balsem te hanteer. Maar die opdrag van God is : " Sê vir die regverdiges : met hulle sal dit goed gaan .... maar ellende wag vir die goddeloses.." ( Jes 3 : 10). Ook vir die goddelose skuldige wat in die kerk sit , die vrome skuldige... Daarom is dit so noodsaaklik dat die alarmkreet in die kerk gehoor word : " Nog net ... dae en dan sal u lewenshuis verwoes word" die termyn ken niemand nie en dit maak ook nie saak nie. Wat saak maak is dat u lewenshuis omvergewerp gaan word en wat dan ..?

Hierdie soort alarmkrete het in die kerk uit die mode geraak en word eintlik as metodes van die sektes en gevoelsopswepers beskou. Die Hebreërskrywer noem die Woord van God lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees, van gewigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart ( 4 :12e.v.) Oordeelspreke lê ons langs ons neer of ons stuur dit baie vrygewig deur na ons buurman of buurvrou in die kerkbank wat die vermaning baie nodiger het as ekself. Ons eien ons die mooiste beloftes wat in die preke aangebied word toe, maar die preek as geheel neem ons sonderverpligtingnetopsig met natuurlik die regopterugsending. Ons het meesters geword in die kuns van ontwyking van situasies waarin ons 'n geestelike keuse moet maak.

So is ons tevrede met 'n aanpasbare maklike geloof wat, afgesien van die kerklike bydrae, goedkoop is. Goedkoop om te aanvaar en goedkoop om af te wys. Sodra daar oor kerklike tug gepraat word, hoor jy die dreigement van "kerkbedank" .

Uit reaksie teen die eensydige oorbeklemtoning van die hel deur die Roomse kerk en van die hel en die wederkoms deur verskillende sektes, word altwee te maklik onderbeklemtoon. Ons bely nog elke Sondag ons geloof in die wederkoms van Christus " om te OORDEEL die lewendes en die dooies " .... en daarby bly dit. As ons Christus se gelykenisse lees hoor ons dat Hy sy hoorders goed banggemaak het met die oordeel van God.

Die Woordverkondiging moet ons ook in 'n hoek vasdruk waardeur ons verplig word om "ja" of "nee" te sê. In altwee gevalle gebeur daar iets in ons hart wat ons verhouding met God raak. Iets wat die hart van my bestaan raak vir vandag en die ewigheid. Per slot van rekening durf ons te bely dat die hemelryk deur die prediking van die heilige evangelie oopgesluit en toegesluit word (Heid. Kat. Sond. 31 ). Die beloftes wat in die

Woordverkondiging gegee word en die dreigemente wat daarin weerklink, is 'n voorsmaak van die groot Oordeel. So bely ons : " volgens hierdie getuienis van die evangelie sal God oordeel in hierdie lewe sowel as in die toekomstige".

## **'n OORDEELSPREEK TOG GEEN VERDOEMENISPREEK NIE**

Jona 3 : 4

Lees Hebr 12

As daar in die prediking angsvallig oor die hel geswyg word, dan word die hemel 'n vanselfsprekende en kleurlose aangeleentheid. As bedreigings nie meer uitgespreek mag word nie omdat dit kwansuis by die Ou Testament behoort en bots met die stroperigeliewe Jesus idee, dan word die beloftes flou, leeg en niksseggend. Dit sus die geliefde gemeente heerlik aan die slaap..

Die Evangelie van genade kry alleen diepte , kleur, klank, dringendheid en aktualiteit as ons dit sien soos ons belydenis as: Ellendekennis Verlossingskennis Dankbaarheid. Geloof sonder bekering sus ons aan die slaap. Bekering sonder geloof dryf ons tot wanhoopsraserny. Wat verkondig mag word is alleen die Bybelse boodskap wat alle eeue dieselfde eis : geloof én bekering. Luther het dit gedoen . Hy het in fel kleure die angste van die hel beskryf. Vandag word gesê dat hy daarin 'n kind van sy tyd was. Maar ons is kinders van ons tyd en het die hel eintlik nog net vir kragwoorde en vloeke gereserveer .

In ons tyd vier troosryke genadepreke hoogty. Ons hoor oor radio en televisie dat God aan ons volke beloftes gee en ons sal bewaar... In 'n trefferliedjie is onlangs gesing dat die geliefde van die grens sal terugkeer want die sangeres se gebed bewaar hom.. Dit klink mooi vroom maar is heidense bygeloof wat van gebede en verlangens toorgoed maak. Ons mag nie teruggryp na God se beloftes wat Hy eeue gelede in bepaalde omstandighede gegee het nie en ons mag ook nie vooruitgryp na God se beloftes vir die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde nie.

Ons kinderlike geloof bou op honderd persent genadeprediking wat juis sinvol is omdat dit gebaseer is op honderd persent oordeelsprediking. Die Heilige Skrif is heerlik radikaal na altwee kante : oordeel én vryspraak !

Hoe meer ons oë wawyd oopgemaak word vir ons skuld, hoe meer leer ons om te jubel oor die onbegryplike groot genade ..

Intussen dreun Jona se eensin eensydige grimmige oordeelspreek gedurig deur Nineve se strate.

Daar IS situasies waarin God ons opdra om mense gesond bang te maak. Want die gevaar is altyd daar dat ons die genade ontydig en die troos te vroeg bring, soos wanneer mense nog véer van 'n skulderkenning af is. Die gevaar is dat God se oordeel kragteloos gemaak word deur genadewoorde wat gerustheid gee, pleks van verslaentheid.

Oordeelsprediking deur Jona maar tog is dit geen verdoemenispreek nie. Dit is nie : "NA veertig dae word Nineve verwoes.. Maar : " NOG veertig dae dan ... NOG dus Nineve kry nog veertig dae lank tyd. Die oordeelswoord is ook genadewoord. Weens sy korthed baie ernstig en dringend.

Dat God Jona laat preek soos hy preek, is 'n wonder van genade ! Dit is geen aangename boodskap nie. Laat ons maar leer om die Woord van God eenvoudig na te sê. Dit is nie lekker om te sê dat God Hom geweldig vertoorn , ja kwaadmaak oor die sonde van die wêreld en dat Hy daarom die wêreld gaan verwoes nie. Dit klink verskriklik ! Of.. tog nie so erg nie ? Nee wat, dit klink nog glad nie so erg as wanneer ons hoor dat God nie vir die wêreld nie maar vir MY sonde geweldig kwaad is en dat Hy MY lewenshuis verwoes ! as.. EK nie daadwerklik tot bekering kom nie.

## 'n ONGELOOFLIKE GELOOF

Jona 3 : 5

Lees Jer 36 : 1 24

" God slaan met 'n krom stok reguit houe." Die waarheid van die ou uitdrukking sien ons by Jona. G'n mens sou hom 'n sentkans gegee het dat hy 'n sukses van sy opdrag kon maak nie. Alles het teen sy moontlike sukses getel. Sy ingesteldheid was allesbehalwe positief. Teen wil en dank is hy nou in Nineve , berugte wêreldstad , vervloekte blyplek van die nasionale vyande. O, hoe sê Jona se bruisende nasionalistiese bloed:" Ek wens julle 'n enkele reis na die donkerste onderwêreld toe, julle gehate en vervloekte vyande van my volk." Ongelukkig kon hy nie teen God op nie en is hy nou hier om God se opdrag uit te voer: om God se Woord te verkondig. Die tweede negatiewe punt was die afgryslike inhoud van sy preek. Netso negatief en koud soos Jona se ingesteldheid : " Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!"

Dink u nou in dat 'n IndiërMoslem met 'n soortgelyke boodskap by ons sou kom. Sy godsdiens verskil hemelsbreed van ons geloof, sy aard as besigheidsman in die grootste deel van ons land, sy gewoontes, sy uiterlike, alles verskil van ons. Dit is omtrent soos die Nineviete Jona sou gesien het.... En dan kom so'n eenaardige vreemdeling wat skepties bekyk word, met 'n boodskap wat sommer geklik is... wat verbeel hy hom? Die ou joodjie het seker nie al sy varkies nie onrein of nie ! Boodskap en boodskapper was onsimpatiek , onwelkom, ongewens " weg met hom " dit is wat enige normale mens kon verwag.

Ongelooflik groot is die wonder van bekering. Nineve luister en aanvaar !

Dit slaan ons met stomheid. Watter beskaming vir ons as kerklidmate. Luther sê dat Nineve onvergelykbaar beter as Jerusalem, die kerk !, was. In Jerusalem is duisende jare gepreek en gepreek van vroeg tot laat en die resultaat ? " Jerusalem, Jerusalem ! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaar maak, maar julle wou nie ! Mt 23 : 37.

Jona , onsimpatiek en dikbek soos hy was, word nie doodgemaak deur Nineve nie. Ons lees eenvoudig : die mense van Nineve het in God geglo ondanks die feit dat Jona nogal 'n ongeloofwaardige verskyning was. Hulle verlang nie eers 'n teken nie, 'n bewys dat hy werklik deur God gestuur was en nie 'n spioen was nie want per slot van rekening was hy die paleiskapelaan van koning Jerobeam. Die Nineviete glo in God sonder om selfs 'n teken te vra.

Dit is dan ook geen wonder dat Jesus vir die Skrifgeleerdes en Fariseërs wat 'n teken eis, die manne van Nineve as voorbeeld stel en selfs in die laaste oordeel laat optree en die kerkleiers veroordeel weens hulle ongeloof.(Mt 12:38)

Die inwoners van Nineve het geglo na een kort preek sonder enige tekens die kerklike leiers het al baie preke van Jesus gehoor en baie tekens gesien maar hulle weier om te glo.

Jona het as baie gebrekkige boodskapper die oordeel van God gebring. Jesus het as volmaakte God en mens die volle heil gebring. Hoe is dit moontlik dat die Nineviete Jona geglo het? Hoe is dit moontlik dat die Jode Christus nie geglo het nie ....en ons ??

## **UITERLIKE EN INNERLIKE BEKERING**

Jona 3 : 4 9

Lees Jer 36 : 1 24

Die inwoners van Nineve glo so werklik dat hulle tot bekering kom. Hulle maak die geloof ook tot dade : daar word besluit om te vas . Groot en klein het rouklere aangetrek. Dit word 'n algehele volksbeweging en 'n heel besondere atmosfeer neem besit van die stadsbewoners, 'n verslaentheid asof die verwoesting al begin het. Daar gebeur nog meer. Die boodskap word ook deur die koning gehoor, die diktator wat die mag oor dood en lewe het. Dan gebeur weer iets wonderliks. Hy sê nie vir die gewone volk: "Mense , moet julle tog nie deur so'n sensasiesoeker, so'n opstoker op hol laat jaag nie. Bly kalm, julle koning en sy ministers sal vergader en vergader en die saak oplos of laat doodloop". Nee, hy staan op van sy troon , trek sy koninklike klere uit en trek lelike harde stekelrige rouklere aan en gaan sit weer. Nie op die troon nie maar op 'n ashoop. Watter geweldige verandering. Van die troon in die as. In die plek van koninklike klere 'n sak! Die koning doen dit wat hy nie eers van sy onderdane verwag nie, hy verneder hom



totaal ! Dit doen die koning van Nineve, die heiden. Maar 'n koning Jojakim in Jerusalem en sy amptenare dink nie eers daarvoor om tot bekering te kom nie maar verbrand die Woord van die HERE en steur hulle nie aan Hom nie.

Die koning van Nineve laat die volksbeweging nie afkoel en 'n natuurlike dood sterf nie maar hy laat dit ook nie in'n lewensgevaarlike paniek verander nie. Saam met sy ministers gee hy die regte leiding . Hy het onmiddellik sy heroute uitgestuur met die proklamasie dat mens en dier, grootvee en kleinvee aan niks mag proe nie, dat hulle niks mag eet nie en nie water mag drink nie.. Mens en dier moet rouklere aanhê en die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde dade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het..

Deur die bevel van die koning kry dit wat as 'n volksbeweging begin het, geweldige groot diepte. Die mense vertel mekaar nie meer alleen wat die dreigende onheil is nie maar ook wat die oorsaak is, wat die wortel van die kwaad is én wat gedoen moet word. By die uiterlike boetedoening moet die innerlike bekering kom deur 'n totaal ander lewensstyl en lewenswandel. Iets wat veral sigbaar moet word deur die breek met sosiale onreg en gewelddadigheid. Opvallend in ons dae is dat van links en regs daar juis met hierdie sosiale gewelddadigheid gedreig word.

Die koning beveel dat met alle onreg en geweld weggedoen moet word. Calvyn sê dat die koning daarop wys dat die belangrikste is dat reg en geregtigheid gehandhaaf moet word. Hy voeg daarby: "mag ook maar in hierdie tyd dieselfde leer geld onder almal wat hulle ten onregte die naam van christene toe eien "...

Die koning was 'n nuweling in die geloof en het skaars en dan nog oppervlakkig met die beginsels van die godsdiens in aanraking gekom. Tog gee hy sulke goeie bevels. Watter verskonings is daar ooit vir ons wie se ore deur die aanhoudende prediking gedurende

jare en jare doof geword het en dan nog nie eers so ver is as die beginpunt van die koning van Nineve nie ?" Brandendaktuele woorde van die hervormer van Geneve.

## **WIE WEET....**

Jona 3 : 9

Lees Rom 8 : 18 30

By die eerste oogopslag lyk die bevel dat die diere ook rouklere moet dra belaglik. Maar mens en dier sou ondergaan. Ons as westerlinge het die eenheid van die lewe geweldig verbrokkel deur ons analitiese denke en gespesialiseerde lewenspatrone. Nineve se mense het besef dat hulle sondare was in alles wat hulle gedoen en besit het. Ook hulle besittings was besoedel met sondes van hebsug , materialisme en nasionalisme. Alles moes in rouklere omdat alles geleef het in die bedorwe klimaat van sondige mense. Die totaliteit van die lewe het onder die oordeel van God gelê sodat ook die diere moes vas en rou vgl. Rom. 8

Die koning sê verder : " maar die mense moet ernstig tot God roep". Luidkeels moet tot God geroep word. Eers verootmoediging dan 'n openlike nasionale luidkeelse gebed tot God en daarby die hartgrondige voorneme tot bekering en berou. Al het die heidense koning nooit teologie bestudeer nie was hy 'n uitstekende teoloog die Heilige Gees het hom onderrig en gelei. Gebed vir vergewing sonder bekering is onmoontlik, want dan word met God gespot.

Die opregtheid van Nineve se bekering is deur die Here Jesus bevestig. In reaksie op 'n vlymskerpe oordeels en onheilsprek kom daar geloof, vas, rouklere, bekering, verootmoediging, skulderkenning, goeie voornemens, gebede, sondebelydenis en sondelos en 'n smagtende smeking vir genade : " Wie weet ... miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons nie omkom nie."

Wie weet ?

'n Vraag en 'n weifelende stelling.

Wie weet ? Die kerk hoor daardie aangrypende vraag .. en antwoord met 'n dawerende stilte. Jona wat glad nie op sy mond geval is om God in die rede te val nie bly nou tjoepstil.

Wie weet ? Maar Jona jyenons wéét mos ! Hoe kan jy dan stil bly? Jona jy wéét wat God doen as die mens tot bekering kom , kyk tog 'n bietjie na dit wat met jouself gebeur het. Jona jy het die Nineviete self hoor skreeu tot God en so iets bly tog nooit sonder seën nie. Dit gee altyd hoop teen alles in. Jona jy weet en tog sê jy dit nie...

Eintlik dink die heidene baie meer van die God van Jona as Jona self. Hulle voel aan dat die ware God geen lus het in die dood van die sondaar nie, maar dat Hy wil hê dat die sondaar hom bekeer en leef. Daar is mense wat hulle self christene noem maar wat God as baie ongenaakbaarder en harder beskou as die Nineviete...

Wie weet ? Ons weet ! Maar werk die wete, daardie kennis ook geloof en bekering ? Waarom laat God die aarde en ons daarop nog bestaan ? Waarom laat God die verskeurde en verdeelde volk waarin Hy ons geplaas het nog bestaan ? Waarom laat die Here die so verdeelde kerklike lewe met al die sondige en mooie daarin nog bestaan ?

Waarom plaas God nie 'n punt agter ons geskiedenis wat so vol sonde is en deur ons elke dag verder vol sonde gemaak word nie?

God gee ons nog 'n bepaalde aantal dae tyd om tot berou en bekering te kan kom. Hoe geduldig is ons God!

## **MODERN OF AARTSKONSERWATIEF ?**

Jona 4 : 1 5

Ons praat dikwels oor "onverhoorde gebede" iets wat Jona ook ondervind het. Vol vuur het hy gebed nadat hy sy Godgegewe werk op sy manier gedoen het. Maar dit lyk asof sy gebed nie verhoor is nie.... God het hom nie op sy vurige gebed morsdood laat neerslaan nie. God het hom nie eers streng gestraf oor sy grenselose ondankbaarheid en koelbloedige onbarmhartigheid en heiligskennde gekerm wat hy 'n gebed durf te noem nie.

En met die skets van die omstandighede het ek al klaar buite my boekie gegaan met die veroordelende toon teen Jona.

Waar kry ek as mens die reg vandaan om so oor Jona te praat ? Nie uit die Bybel nie. Weereens staan ek verstom oor die grondelose en oneindig wye grootheid van God se geduld met sy balhorige kinders. Jona stel ons geweldig teleur, soos mense ons trouens so dikwels teleurstel. Dis natuurlik al ouou nuus want die Psalmdigter het ons al geleer dat ons selfs nie op prinse moet vertrou nie... God stel ons egter nooit teleur nie

alhoewel Hy ons dikwels so stomverbaas laat staan soos nou weer met Jona. Hy verwyt die profeet nie eers iets nie. Maar as ons werklik verbaas wil wees dan is dit dat Hy nie Sy oordeel oor Nineve voltrek nie , dat Hy Nineve spaar en ... dat Hy my volk spaar en MY spaar ... iets om stomverbaasd oor te wees , iets om jou hande oor saam te slaan , jou hande in 'n gebed van dank en stamelende skuldbelydenis.

Onmiddellik nadat Jona gevoel het dat hy God se opdrag goed genoeg uitgevoer het deur net EEN dag lank die somber "preek" te hou: "nog net veertig dae en Nineve word verwoes", het hy sy rug op die stad gedraai. Oos van die stad het hy teen die berghelling gaan sit. Hy het 'n manjifieke uitsig oor die stad gehad en dit vir hom daar so gerieflik moontlik gemaak om die oordeelsvoltrekking af te wag.

Daarom het hy 'n primitiewe skerm gemaak om onder te kan bly en 'n bietjie skaduwee te kan hê. Veertig dae lank het hy hom verlustig in die aanstaande skouspel van die vernietiging van Israel se aartsvyande. Ek kan my moeilik indink dat hy nie intussen heel gerieflik sy eet en drinkgoed in Nineve gekoop het nie dit was vir hom meer as genoeg moeite om net vir EEN dag die Woord van God te verkondig in 'n stad wat DRIE dae geneem het om deur te stap, maar wanneer dit oor eie gerief gaan, dan is geen moeite te groot nie. Inkonsekwent ?? Niks erger as ons nie.

Daar is vandag baie mense wat op grond van kwansuise godsdienstige "beginsels" oso opgewonde raak oor die woord "Halaal" op hoendertjies en ander produkte. Daardie voedsel is dus goedgekeur vir gebruik deur die Moslems. Ons hoor dan baie verontwaardiging en skerp uitsprake. Maar as baie van daardie verontwaardigdes enige artikel vir 'n halwe sent goedkoper by die Moslem as by die medegelowige kan kry, dan... verdwyn die uitlewing van 'beginsels' soos mis voor die son en gaan die geld regstreeks na die Moslem toe.. Jona was dus modern of anders gestel ons is so aartskonserwatief dat ons stuk vir stuk Jona se sondes naap.

## VERSTOMMENDE REAKSIES

Jona 4 : 1 - 5

Lees Eks 34 : 5 - 9

As die veertig dae eindelijk verbygekrui het, gebeur daar net mooi niks nie. Geen flitsende weerligte of dreunende donderslae of stinkende brandende swaelreën nie. Nineve word nie verwoes nie.

Jona word vuurrooi van woede en ontevredenheid. Daarvoor het hy, die arme hy nou al die moeite gedoen.. en nou is daar die afgryse risiko dat God bespot gaan word want Hy is dan in die oë van die heidene nie 'n God wat sy Woord hou nie. Hy doen dan nie wat Hy gesê het nie. Verder kon Jona ook bang raak vir die behoud van sy eie kop. Profetekoppe het nogal die gewoonte gehad dat hulle nie al te vas op die profeet se liggaam sit nie. Per slot van rekening was hy die kapelaan van sy koninklike hoogheid die koning van Israel. As in Israel gehoor word dat die Goddelike oordeel oor die aartsvyande afgewend is deur die preek van Jona dan kan dit baie goed gebeur dat hulle hom die doodstraf daarvoor gaan gee.

Daar is dus in 'n mate versagende omstandighede vir die woede uitbarsting van Jona. Die reaksie van die HERE die God van Jona en my is so vriendelik en simpatiekbegrypend. Ek begryp dit eintlik nie.

Jona se reaksie verstom my. Die reaksie van die HERE daarop verstom my.

Op Jona se helenverdoemenisprekie bekeer die inwoners van 'n wêreldstad hulle. Maar Jona word kwaad en sê dat dit nou presies is wat hy gedink het en waarvoor hy bang was en daarom het hy na Tarsis gevlug "want ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het."

Vol verontwaardiging is Jona se woorde wat hy nogal 'n gebed noem. Daarmee erken hy ronduit dat sy vlug na Tarsis baie goed oorwoë was. Hy het gevlug nadat hy die voordele en die nadele teen mekaar opgeweeg het. Sy 'nugtere' gevolgtrekking was dat daar te veel risiko was dat die inwoners van Nineve sou luister en dan sou God van die straf afsien en 'n gek van die profeet maak en eintlik ook van Homself . Jona weet dus beter as God oor hoe om op te tree en hy sal sorg dat God Homself nie bespotlik maak nie. Op die ou end moes Jona egter besgee en dikbek in Nineve ingaan, wat hy dan ook maar vir een afskeepdag gedoen het.

Soos Luther sê:" dis darem maar 'n eienaardige en snaakse heilige hierdie Jona !" Maar is hy snaakser as ons ? Ons reserveer die oordeel tog ook so maklik vir die mense buitekant ons eie kerkmuur of ons eie groep. Daar is by ons veels te min die gevoel en besef dat ons in baie opsigte solidêr is met die goddelose wêreld. In Jona se lewe was die goddeloosheid duidelik in sy beredeneerde opstand teen God, sy vlug, sy afskeepwerk en sy redes het baie redelik geklink en was waterdig in sy eie oë . En is die geskiedenis van die kerk en van ons eie lewe nie 'n lang donker ketting van opstand teen God , angsvallige bevoordeling van die eie groep, die elke dag se struikel en val, ongehoorsaamheid in allerlei eiewillige godsdiens wat afgodediens word nie?

## 'n INKONSEKWENTE GOD ?

Jona 4 : 1 5

Lees Luk 15 : 11 32

Die gelykenis van die verlore seun is vir ons so mooi. Tog moet dit asseblief maar 'n gelykenis bly want in die gewone alledaagse lewe is ons eerder soos die oudste broer. Vies vir so'n sondaar en vies oor die vader se blydschap, barmhartigheid en vergewingsgesindheid. Maar as ons nie langs die verflenterde en stinkende verlore seun wil sit nie, selfs nie as hy uiterlik skoon is nie, dan kan ons ook nie aan die feestafel in die huis van ons Hemelse Vader sit nie ! As ons nie met blydschap kan sit langs hulle wat verlore was maar gevind is, langs hoere en tollenaars, diewe en moordenaars en politieke vyande nie dan het ons nog geen snars verstaan van sonde en genade nie. As ons dit in die kerk nie eers kan uithou met verlore sondaars wie se sondes openbaar geword het, terwyl al die sondes wat in onself rondspook nog binnekant bepaalde sigbare grense gehou is deur gunstige omstandighede en deur God se guns of deur lewenswysheid as ons dit in die kerk nie eers kan uithou met derglike mense nie, dan moet ons nie hoop om in die hemel te kom nie. Ons sal daar ontuis voel en nie kan aard nie want daar is net en alleen verlore seuns en verlore dogters, versoende vyande van God , verlore goddeloses ook uit die geledere van ons aartsvyande van links of regs.

Geen mens kan uitreken hoe geweldig baie mense hulle rug op die kerk gedraai het omdat hulle gewalg het van die uitlewing van die godsdiens deur Jona en ons as sy geestelike familie nie.



Die profeet Jona wil liever sterf as om verder te leef nou God die sentrum van die antichristelike wêreldmag spaar . Hierdie wrede "bloedstad" soos die HERE Self in Nahum die stad noem. Jona het die Assiriërs geken en geweet dat 'n jakkals sy hare verloor maar nie sy streke nie. Jona sien nou geen toekoms meer vir sy land ,volk en homself nie.

Dit was nie juis 'n oorspronklike idee van die profeet nie. Moses wou sterf uit liefde vir sy volk. Elia wou sterf omdat sy lewe ook sinloos gelyk het. Maar om presies die teenoorgestelde rede as Jona. Elia het gepreek en gepreek en gedink dat sy prediking geen vrug gedra het nie, eenvoudig nie is nie. Elia is moedverlore moedeloos omdat die verbondsvolk die rug op die HERE gedraai het en die profete wil doodmaak. En Jona? Hy het selfs sy preekwerk afgeskeep uit vrees dat daar wel na geluister sou word; Jona bekommer hom amper siek dat Nineve die HERE sal aanneem , altare vir God sal bou en die profete sal aanvaar ! Watter omgekeerde wêreld !

Jona wil doodgaan omdat sy en ons God so barmhartig is. Die "probleem" van Sondag 4 van ons Heidelbergse Kategismus : God is wel barmhartig, maar Hy is ook regverdig. Jona sien geen kans om God se barmhartigheid saam met Sy regverdigheid te bely nie. Al wat vir hom tel is God se regverdigheid wat in sy vernietigende oordeel sigbaar moet word.

Omdat God van plan verander het, beskou Jona God as inkonsekwent. Intussen het Jona vooraf geweet dat God 'n God van genade en vergewing is en daarom het hy gevlug. Hy noem homself 'n profeet van God maar werk doelbewus téén God en is sodoende die toppunt van inkonsekwente optrede.

Jona bly baie netjies 'n goeie ortodokse konserwatiewe Jood wat geen selfmoord mag pleeg nie. Intussen kla hy God aan in sy sogenaamde gebed en verwyt hy God en wil hy hê dat God hom gou moet help om die dood in te gaan.

Is die dood dan die groot oplossing van alle probleme? Is die ellende dan verby of dan nog erger? Daar is tog niemand wat sal sê dat die dood al genoeg is om die saligheid te ontvang nie ?

Jona het 'n groot teleurstelling ondervind en wil sterf. Maar 'n teleurstelling is nie goed genoeg rede om rustig en salig te sterf nie. Ek moet eers 'n teleurstelling beleef, geen teleurstelling in God nie maar 'n groot teleurstelling in myself. Dan mag ek nie daarin vasval nie maar dan moet ek op my knieë en vlug. Nie wegvlug na skynvrede in 'n Tarsis nie, maar vlug na die kruis van my Here Jesus Christus om dan te mag hoor : "Staan op, laat ons feesvier, hierdie kind van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore en hy is teruggevind." So sal daar blydschap in die hemel wees, blydschap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.

## **WONDERLIKE BEROERING BY VERWONDERING OOR DIE WONDERBOOM**

Jona 4 : 6

Lees Gen 1

Die opskrif bokant hoofstuk 4 lui in die Nuwe Vertaling : "Het jy rede om kwaad te word ?". Hoe ironies is dit dat selfs oor vers 6 daar in die Kerk baie ongelukkigheid en onenigheid was. Dit alles bewys vir die soveelste keer dat ons nog geen snars beter is as Jona nie.

Dit is eienaardig genoeg juis oor 'n nuwe Bybelvertaling deur die kerkvader Hieronimus dat daar volgens ons wêrelddeel se allergrootste kerkvader Augustinus 'n rumoer tydens 'n erediens ontstaan het. In die nuwe vertaling van die 4de eeu na Christus is die wonderboom wat tot op daardie stadium 'n pampoens genoem is, nou vertaal met 'n klimop. Die kerkgangers het dit eenvoudig nie aanvaar nie en hulle ontevredenheid luidkeels te kenne gegee... Augustinus wou die nuwe vertaalde woordjie ook nie aanvaar nie omdat hy bang was vir vervalsing deur die kerkvyandige Jode. Die groot Hieronimus wat die enigste kenner van Hebreeus was het kwaad geword en die aanhangers van die pampoennaam nou as pampoenkoppe uitgeskel! Ja, so sien ons weer dat selfs die "grootste geleerde van die christelike oudheid" (Sizoo in Chr. Enc.) met sy vlammende liefde vir die waarheid ook in sy heiligste werke 'n sondaar soos ons is. Dit wys ons ook dat dwarsdeur die kerkgeskiedenis 'n nuwe vertaling van die ewige Woord ook altyd onrus veroorsaak het. Wat egter wel baie sê vir die kerkgangers van die 4de eeu daardie in ons oë so ongelooflik primitiewe tydhulle het tenminste geweet wat in die Bybel staan en het juis in die erediens gewerk.

In ons Nuwe Vertaling word die naam "wonderboom" vervang met "komkommerplant" ... ek kan nie verstaan hoekom so'n verreënde verandering nodig geag is nie maar laat ons maar nie die optrede van 'n gemeente van Christus van 1500 jaar gelede herhaal nie...Wat van belang is, is nie die naam van die betrokke wonderboom nie, maar juis God se bedoeling daarmee.

Ons lees dat die HERE God 'n wonderboom laat opkom het of soos dit in die Ou Vertaling genoem word "beskik" het. Hierdie boom het op 'n buitengewone manier plotseling opgekom om vir Jona tot seën te wees. Ons sien gewoonlik in die Heilige Skrif dat wanneer God iets doen wat bo die gewone orde van die natuur uitgaan, Hy dit tog by die natuur laat aansluit. God wyk van die gewone natuurlike gang af maar Hy maak Hom nie daarvan los nie. Hy is Heerser van die natuur en laat ook die natuur Sy wil

volbring. In Jona sien ons dit met die storm , die vis , die wonderboom, die wurm en die woestynwind. Elke keer is dit God wat beskik, hier spesifiek die " HERE " genoem dus die getroue Verbondsgod en " God " dus die Heerser oor al wat bestaan.

Ons leef in 'n tyd waarin hierdie eienskap van die HERE God al hoe meer ontken word. Dit is dan nie net die Joodse rabbi wat sy boek skryf met die vraag : waarom straf God goeie mense ? en dan as "oplossing" kom met die onsin dat God net nie almagtig is nie. Hy kan die duiwel nie keer om mense kanker te laat kry en allerlei ander ellendes nie. As dit nou enige troos bied dan weet ek nie. So'n geloof gee ek liewers vir my hond .

## **HET JONA REDE VIR WOEDE GEHAD?**

Jona 4 : 6 9

Lees Nahum 2 en 3

Een van ons belydenisgekrifte is die Heidelbergse Kategismus. Dit is bepaald nie baie populêr nie . Nou is dit opvallend dat telkens as iemand probleme kry daar in die Kategismus so dikwels antwoorde gevind word. Hoekom ? Omdat die Kategismus nie met die een of ander "kerkleer" kom nie maar met die lewende Woord van die lewende God. Elke antwoord word gestaaf met 'n groot aantal Bybeltekste. So is daar oor die beskikking van God ook die pragtige en vertroostende Sondag 10 wat ook nie losgemaak kan word van Sondag 1 nie. Daar bely ek so heerlijk dat ek in alle omstandighede eiendom van my Here Jesus Christus is !

God beskik vir Jona die wonderboom hoekom? Om hom te bevry van sy misnoeë, sy omgekraptheid wat hom as 'n gevangene vasgevang het. Ontevrede met God se werk; dikbek oor die dade van sy Eienaar God. Ken ons dit nie ook maar in ons lewens in ons verligte tyd? Die reaksie van God op die profeet se skandalige optrede verstom my en.. vertrou my omdat ek in so baie gevalle weer familie van Jona is.

Hoe vriendelik, mild en geduldig bly die HERE wat vir Jona vra: "het jy rede om kwaad te word?" en dan nie eers 'n antwoord van die woedende profeet kry nie. Die HERE word nie eers kwaad vir Jona nie. Hoekom? Omdat Hy die profeet se optrede verstaan. Omtrent alle Bybelverklaarders sê dat Jona 'n onverdraagsame hoogmoedige jood is wat dit nie kan verdra dat God genadig wil wees teenoor die heidene nie 'n soort apartheids uitvinder, 'n tipiese Sionis. Dit is 'n teorie wat nie op Skrifgegewens steun nie. Jona is 'n diep teleurgestelde man. Is dit omdat hy dit nie kan verdra dat God die heidene spaar nie? Nee wat, hy het die HERE so goed geken dat hy al by voorbaat daarmee rekening gehou het. Daarom het hy dan ook na Tarsis gevlug. Dit gaan by Jona nie oor wat die HERE doen nie, maar oor Nineve.

Nineve was die brandpunt van die antichristelike wêreldmag wat reg gestaan het om die wêreld te verower. Om dan in sy opmars Israel te vernietig. Die Assiriërs het in onmenslike wreedheid gespesialiseer. Dit was die agtergrond van die profeet se optrede. Nineve was berug en gevrees by al die volke. Hulle het oor lyke gegaan. Die woord genade was by hulle onbekend. Die HERE self praat in die profeet Nahum oor die "bloedstad" Nineve. En dan is dit ruim 'n eeu ná die preek van Jona. Israel is al weggevoer en Jerusalem geweldig bedreig. Met ander woorde die bekering van Nineve was maar tydelik.

Jona het dit sien kom, hy het die Assiriërs geken. Die bekering en geroep tot die HERE het nog geen dien van die HERE geword het nie. Die afgode is nog bly dien.

Dit het Jona doodsbang vir die toekoms van sy volk gemaak. Hy was seker dat die Assiriërs later tog weer op die ou trant sou verder gaan. Soos woeste roofdiere tekere sou gaan en strome bloed sou laat vloei omdat hulle gedink het dat hulle daarmee die gode 'n diens bewys..

Dit laat Jona praat en optree soos hy doen. Natuurlik is hy daarin 'n dwaas en sonder verstand. Hy sien geen toekoms meer nie en loop hom vas teen die geduld van God. Dit is iets wat ons tot vandag toe nog so dikwels self doen.

## **Die " WAAROM ?? " in 'n lewe.**

Jona 4 : 6 9

Lees Ps 73 Joh 9 : 1 3

Jona loop hom vas teen die geduld van God. Hy sê dit ook : " dit is presies wat ek verwag het. Daarom het ek gevlug, ek weet dat U so barmhartig is, genadig , lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het. "

Dit is nie alleen 'n verwyte teenoor God nie. Jona sê dat hy God so ken , dat God so is. Hy gebruik dan ook 'n Bybelteks in hierdie woordgebruik . Die HERE het Hom so al geopenbaar in die woestyn by die Sinai toe Hy die volk hulle sonde met die goue kalf vergewe het. Moses het gehoor dat die HERE Homself noem die barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van liefde en trou . Daaraan herinner Jona nou die HERE. Hy sê : " dit is soos ek U ken , U het U geopenbaar : as barmhartig en lankmoedig.. vir Israel. "

Nou ook vir Nineve. Ek het dit geweet : as U net 'n sweempie van bekering bemerk dan het U berou. Dis hoekom ek gevlug het en nou, nou sit ek met die gebakte pere. Daar was bekering en toe het U berou gekry. Maar HERE wat bereik U daarmee nou ? Net ellende vir U eie volk ! Netnou word daar honderde vermoor en die oorblyfsel gaan in ballingskap na Nineve..

Daarom HERE het my lewe ook geen sin meer nie. Dit dien geen doel dat ek nog langer profeet sal wees nie. Of ek nou nog preek of nie en of die volk tot bekering kom of nie dit help niks nie want die uiteinde is tog die dood of slawe in Nineve.

Dit is die agtergrond van Jona se woede op die HERE. Jona se probleem is nie dat hy 'n nasionalistiese Sionis is nie Die Bybel sê nêrens dat Jona die heil van God alleen vir Israel wil bewaar nie. Maar Jona begryp dit nie dat God 'n stad kan spaar wat weens sy halwe bekering 'n afgryslike bedreiging vir Israel bly nie.

Jona sit met die probleem van God se lankmoedigheid en barmhartigheid. Waarom oordeel Hy Nineve nie na reg nie ? Waarom laat Hy toe dat die stad later tog nog sy volk kan vernietig? Waarom laat God in die algemeen soortgelyke dinge in sy wêreldbestuur toe?

Jona se probleem is die probleem wat baie van die kinders van God ken wanneer hulle sien wat daar alles in die wêreld kan gebeur. Dit is ook die probleem van Asaf in Psalm 73 : " ek het die hooghartige goddeloses met afguns bejeën toe ek hulle voorspoed sien." Asaf het met die HERE geleef maar is verdruk terwyl die goddeloses gesond en skatryk is. Hulle gooi God weg en het selfs 'n grootmond teen die hemel. As jy gelowig teen hulle ingaan dan laat hulle jou bitter swaarkry in allerlei verdrukking. Die goddeloses by Asaf en Nineve en Hitler en Stalin en Mao en Nujoma. Kyk as 'n mens daarop let dan is dit dikwels nie so maklik om te glo nie. Dan kom jy voor vrae te staan oor die beleid van die Here. Hoe werk dit nou eintlik met Sy regering van alle dinge?

Waarom laat Hy konsentrasiekampe toe ? Waarom ly gelowiges en is goddeloses spekvat en gesond? Asaf kon nie 'n antwoord kry nie en wou ook maar soos Jona liewers doodgaan. As 'n mens so verward raak dan is dit maar 'n klein stappie na vertwyfeling toe. Is daar ooit 'n God ? Waarom gaan dit in die wêreld soos dit gaan ?

Dan moet ons 'n bietjie kyk na hoe die HERE Jona nou behandel. Ernstig vermanend en tegelyk so heerlik vertroostend. Ook vir ons vandag.

## **GOD SE LIEFDE**

Jona 4

Lees Joh 3 : 1 21

Toe die smoorkwaad Jona die volgende oggend wakker word sien hy tot sy groot verbasing dat daar 'n groot skaduryke wonderboom by hom opgeskiet het. Onmiddellik verander sy gemoedsgesteldheid soos 'n handomkeer. Eers was hy baie kwaad nou is hy baie bly. Van die een uiterste na die ander. Maar die gee van die wonderboom is 'n onderdeel van 'n les vir die profeet. Die volgende oggend beskik die HERE 'n wurm wat die boom beskadig sodat dit verdor en 'n skroeiende woestynwind wat Jona so uitput dat hy maar liewers wil doodgaan. So veranderlik is die mens. Maar nie die HERE nie ! Hy sê nie : goed gaan dan maar dood .. Hy bly met hierdie dwase heilige worstel: "het jy rede om kwaad te word?" Onmiddellik kom die vinnige antwoord : "ek het rede genoeg, ek is besig om te sterf!". En dan kom die antwoord van die HERE : " jy is besorg oor die



wonderboom waarvoor jy nie gewerk het nie .. Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve ...." Mag die HERE geen verdriet oor Nineve hê nie? Hy kan daardie stad met mense en diere nie sommerso verlore laat gaan nie. Hy het Sy wêreld lief. Hy het 'n hart vir Sy skepping.

Ook vandag. Daar is baie, ontsettend baie ellende en verdriet in die wêreld. Maar die oorsaak is nie by die HERE nie. Hy het die wêreld lief maar Hy haat die sonde. Weens die sonde slaan Hy ook soms die wêreld en kan Hy 'n hele stad soos Nineve laat ondergaan. Later is Nineve dan ook verwoes maar nie omdat die HERE nie meer "liefde" was nie maar omdat Nineve nie anders wou nie.

As monument van die liefde staan in die Bybel die laaste vers van Jona oor Nineve. Die stad is gespaar oor haar kinders maar ook oor haar diere! Ontroerend : ook oor haar diere.

God stel so baie belang in Sy skepping dat Sy aandag selfs ook op die diere gerig is.

Oor Jona word niks meer gesê nie , ons vrae oor hom bly onbeantwoord. Omdat dit nie oor hom gaan nie, maar om die HERE wat die wêreld so liefgehad het dat Hy verdriet oor Nineve gehad het weens haar kinders en diere.

Dan lees ons in Johannes 3 : " So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het , sodat die wat in Hom glo , nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê ".

Wie durf dan nog te vra of God liefde is ? Op Golgota het Hy wat meer as Jona is, gewys dat Hy nie gekom het om te veroordeel nie maar om te red. Elkeen wat in Hom glo word nie veroordeel nie.. Nou is dit ons roeping om die Evangelie van versoening en redding uit te dra. Ons mag dit verkondig op die strate van die groot stad. Natuurlik het ons nog baie vrae oor God se wêreldbestuur of oor sy werk in ons persoonlike lewe

maar God het u lief. Hy het die wêreld en Sy skepsele lief. Hy hou rekening met kinders en met diere. Hy red deur die kruis. Daardie evangelie moet eers oor die hele aardbol verkondig word. Langs daardie pad kom die einde. 'n Einde wat verskriklik sal wees vir hulle wat die Evangelie verwerp soos Nineve bewys.

Maar dit word 'n heerlike fees vir die wat glo. Hulle sal vir altyd ondervind hoe die HERE is en sal wees : barmhartig en genadig , lankmoedig en groot aan liefde en trou.